# Bereddering van intestate boedels van Swart erflaters

Skripsie aangebied ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

**Magister Legum in Boedelreg**

aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) nadat die volgende modules suksesvol afgehandel is:

* LLMB 874 Belastingreg
* LLMB 875 Boedelbeplanning
* LLMB 876 Sakereg
* LLMB 877 Huweliksgoederereg
* LLMB 878 Erfreg

**L KOTZÉ**

12375101

**Vakkode: LLMB 873**
**Studieleier: Prof C Rautenbach**
**November 2005**

# DANKBETUIGING

Opgedra, met baie lof en dank, aan Mamma en Pappa. Dankie vir al julle liefde, bystand en ondersteuning. Dankie dat my beste altyd genoeg is vir julle.

Dankie my liefste Johan dat jy altyd daar was vir my. Dankie Pierré, Deoni, Louwrette, Tannie Judy, Oom Wessel en die res van my familie en vriende. Sonder almal se ondersteuning, liefde, bystand en hulp sou ek nie my studies met soveel sukses kon voltooi het nie.

'n Spesiale dank aan my studieleier, Prof. Crista Rautenbach, vir die wyse waarop sy my aangemoedig en met leiding bygestaan het. Dankie dat Prof. in my geglo het.

Dankie ook aan Oom Oktavius vir sy hulp met die taalversorging en Me Doepie de Jong vir die nagaan van die stylvereistes.

Ten laaste, dank aan my Hemelse Vader vir Sy genade. Dankie vir die krag wat U in elke oomblik van twyfel, nood en moedeloosheid vir my gegee het.

**ABSTRACT**

The winding up of estates under Black law and custom have changed considerably since 6 December 2002. Different systems of administration of estates existed before then. The intestate estates of Black persons were administered by the Magistrate, while the estates of all other race groups, including testate estates of Black persons, were administered by the Master of the High Court. The administration of all intestate estates of Black persons accrued under the *Black Administration Act* 38 of 1927 and the Regulations for the *Administration and Distribution of the Estates of Deceased Blacks*, GN R200 of 1987 promulgated in terms thereof. All other estates were administered under the *Administration of Estates Act* 66 of 1965.

Section 23(7)(a) of the Black Administration Act 38 of 1927 excluded the Master's authority to administer intestate estates of Black persons. This differentiation was pointed out in *Moseneke v The Master* 2001 SA 18 (CC). The Constitutional Court decided that any legislation that prefers different systems of administration on grounds of race should be declared unconstitutional. The Court, however, only changed the circumstances of estates of Black persons that devolved under common law and these estates could then also be administered by the Master or the Magistrate. All intestate estates of Black persons that devolved under customary law were still administered by the Magistrate with appropriate jurisdiction.

On 5 December 2002, the *Administration of Estates Amendment Act* 47 of 2002 and the *Amendment of the Regulations for the Administration and Distribution of Estates*, GN R1501 of 2002 were promulgated to give effect to the order of *Moseneke v The Master* 2001 SA 18 (CC). After these amendments, all estates with a value of less than R50 000,00 were to be administered by the Magistrates, but under supervision of the Master. All other estates, excluding those that devolved under customary law, had to be reported to the Master. The intestate estates of Black persons that had to devolve under customary law were still administered by the Magistrate.

On 15 October 2004, the Constitutional Court ruled in *Bhe v Magistrate, Khayelitsha (Commission for Gender Equality as Amicus Curiae); Shibi v Sithole; South African Human Rights Commission v President of the Republic of South Africa* 2005 1 SA 580 (KH) that all discrimination and differentiation of the administration systems should stop. All estates, including intestate estates of Black persons that must devolve under customary law, must be administered by the Master. This was the beginning of a unified system where all estates must be reported to the Master. All estates that were reported before 15 October 2004 had to be finalised in the way that they were reported.

The South African Law Reform Commission currently is investigating the winding up and administration of estates. With their findings and the above-mentioned legislation and case law, a unified system is sure to follow. Estate planners and executers need to take note of all the amendments that have taken place in the area of the intestate estates of Black persons during the past five years.

**INHOUDSOPGAWE**

Hoofstuk 1 .... 1

Inleiding .... 1

Hoofstuk 2 .... 4

Regsposisie voor 6 Desember 2000 .... 4

2.1 Inleiding .... 4

2.2 Artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet* 38 van 1927 .... 5

2.3 GK R200 van 1987 .... 8

2.3.1 Regulasie 2 van GK R200 van 1987 .... 8

2.3.2 Regulasie 3 van GK R200 van 1987 .... 11

2.4 Gevolgtrekking .... 12

Hoofstuk 3 .... 13

Regsposisie van 6 Desember 2000 tot 13 Oktober 2004 .... 13

3.1 Inleiding .... 13

3.2 *Moseneke v The Master* 2001 2 SA 18 (KH) .... 13

3.2.1 Feite .... 13

3.2.2 Uitspraak van die Konstitusionele Hof .... 14

3.2.3 Bevel van die Konstitusionele Hof .... 15

3.3 Regsposisie na 6 Desember 2000 .... 16

3.3.1 Inleiding .... 16

3.3.2 *Boedelwysigingswet* 47 van 2002 .... 16

3.3.3 GK R1501 van 2002 .... 17

3.3.4 *Boedelwet* 66 van 1965 .... 18

3.3.5 *Swart Administrasie Wet* en GK R200 van 1987 .... 20

3.4 Gevolgtrekking .... 20

Hoofstuk 4 .... 23

Regsposisie vanaf 14 Oktober 2004 .... 23

4.1 Inleiding .... 23

4.2 *Bhe v Magistrate, Khayelitsha (Commission for Gender Equality as Amicus Curiae); Shibi v Sithole; South African Human Rights Commission v President of the Republic of South Africa* 2005 1 SA 580 (KH) – die *Bhe*-beslissing .... 25

4.2.1 Feite van *Bhe v The Magistrate, Khayelitsha* 2004 2 SA 544 (K) .... 25

4.2.2 Feite van *Shibi v Sithole* (saaknommer 7292/01 van 19 November 2003) .... 26

4.2.3 Uitspraak van die Konstitusionele Hof .... 27

4.2.4 Bereddering van gewoonteregtelike boedels ..... 30
4.3 Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie (SARHK) ..... 32
4.4 "*Repeal of the Black Administration Act and Amendment of Certain Laws Bill*" 2005 ..... 36
4.5 Gevolgtrekking ..... 37
Hoofstuk 5 ..... 38
Samevatting en aanbevelings ..... 38
Bibliografie ..... 43
Literatuur ..... 43
Vonnisregister ..... 45
Wetgewing ..... 46

## HOOFSTUK 1

## INLEIDING

Tot onlangs het 'n persoon se ras of kleur aangedui welke reëls by die beredddering van sy[1] bestorwe boedel van toepassing sou wees.[2] Intestate boedels[3] van Swart erflaters[4] was onder toesig van die Landdros geadministreer terwyl alle ander boedels onder toesig van die Meester geadministreer moes word.[5]

Die grondwetlikheid van die gebruik van verskillende bereddderingsmetodes vir intestate boedels van Swart erflaters en alle ander boedels, is op 6 Desember 2000 in die *Moseneke v The Master of the High Court*[6] aangespreek. Die Konstitusionele Hof het beslis dat beide artikel 23(7)(a) van die *Swart Administrasie Wet* en Regulasie 3(1) van GK R200 van 1987[7] teenstrydig met

---

1 In hierdie skripsie sluit die manlike ook die vroulike vorm in, tensy anders aangedui.

2 Sien Hoofstuk 2 hieronder.

3 "Intestate boedels" vererf volgens die *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987 (hierin later die "*Wet op Intestate Erfopvolging*" genoem). Indien 'n persoon te sterwe kom sonder dat hy 'n geldige testament of huweliksvoorwaardekontrak met erfregtelike bepalings daarin nagelaat het, of waar die testament wat wel nagelaat word, onuitvoerbaar is, vererf sy bates volgens die reëls van die intestate erfreg. Testate boedels vererf ingevolge die testate erfreg. Indien die erflater (testateur) wel 'n geldige testament nalaat, vererf sy boedel geheel of gedeeltelik volgens die reëls van die testate erfreg. Die testate erfreg is dus 'n normkompleks wat erfopvolging kragtens die bedoeling van die testateur soos in die testament uitgedruk, reël; sien De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding* 3. Ingevolge a 1(4)(b) van die *Wet op Intestate Erfopvolging* beteken "intestate boedel" ook enige gedeelte van 'n boedel wat nie uit hoofde van 'n testament vererf nie of ten opsigte waarvan a 23 van die *Swart Administrasie Wet* 38 van 1927 (hierin later die "*Swart Administrasie Wet*" genoem), nie van toepassing is nie. A 1(4)(b) van die *Wet op Intestate Erfopvolging* is ongrondwetlik verklaar; sien par 4.2.3 hieronder.

4 In terme van a 35 van die *Swart Administrasie Wet* beteken "Swarte" enige persoon wat 'n lid is van 'n inboorlingras of -stam van Afrika. As gevolg van Suid-Afrika se rassistiese verlede is 'n negatiewe konnotasie aan die word "Swarte" geheg en daarom word die term "Afrikaan" verkies. Aangesien die wetgewing egter steeds na "Swarte" verwys, gaan hierdie term of "Swart erflater" in hierdie skripsie gebruik word ten einde verwarring uit te skakel. A 35 van die *Swart Administrasie Wet* is gewysig deur a 9 van die *Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings* 108 van 1991 deurdat subartikel (a) daarvan die voorbehoudsbepaling by die omskrywing van "Swarte" geskrap het. Netso het subartikel(b) die omskrywing van "lokasie" geskrap.

5 Sien Hoofstuk 2 en 3 hieronder.

6 *Moseneke v The Master* 2001 2 SA 18 (KH). Hierin later "die *Moseneke*-beslissing" genoem; sien par 3.2 hieronder.

7 *Regulasies vir die Beredddering en Verdeling van Boedels van Oorlede Swartes*, Goewermentskennisgewing R200 gepubliseer in Staatskoerant 10601 van 6 Feb 1987. Hierin later "GK R200 van 1987" genoem.

artikels 9(3) en 10 van die *Grondwet*[8] is. Die nietigverklaring van Regulasie 3(1) was weens praktiese probleme[9] uitgestel vir 'n tydperk van twee jaar. Binne hierdie twee jaar venster-tydperk kon die families van oorlede Swart erflaters, wat ingevolge die gemenereg gelewe het, kies of hulle die bestorwe boedel by die Meester of 'n Landdros wou rapporteer.[10]

Die *Moseneke*-beslissing en daaropvolgende wetgewing het nie die posisie met betrekking tot boedels van Swart erflaters, wat ingevolge die gewoontereg[11] moes oorgaan, gewysig nie. Hierdie boedels moes nog steeds onder die toesig van 'n Landdros geadministreer word.[12]

Op 15 Oktober 2004 het die Konstitusionele Hof in *Bhe v Magistrate, Khayelitsha, (Commission for Gender Equality as Amicus Curiae); Shibi v Sithole; South African Human Rights Commission v President of the Republic of South Africa*[13] die regsposisie nog verder gewysig. Die Hof het bevind dat daar geen onderskeid by die beredderíng van boedels in die Suid-Afrikaanse reg moet wees nie en het beveel dat alle boedels onder die toesig van die Meester geadministreer moes word, insluitende intestate boedels van Swart erflaters wat ingevolge die gewoontereg moes vererf.[14]

Na aanleiding van al die wysigings wat sedert 6 Desember 2000 ingetree het, het die Meester en die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 'n eenvormige stelsel ontwerp, ingevolge waarvan slegs die Meester die bevoegdheid het om toesig oor die beredderíng van alle bestorwe boedels te hou. Alle Landdroskantore is aangewys as dienspunte wat enige

---

8 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. Hierin later "die *Grondwet*" genoem.

9 Sien paras 3.2.2 en 3.2.3 hieronder.

10 Daar moet in gedagte gehou word dat dit slegs die familie van 'n Swart erflater, wat ingevolge die gemenereg geleef het en dus afgesien het van die gewoonteregtelike gebruike of reëls, was wat die keuse gehad het om te kon kies waar hulle die boedel wou rapporteer. Sien par 3.3(a) hieronder.

11 Die gewoontereg kan gedefinieer word as 'n tradisionele gemeenskap se kultuurbesit en daardie gebruike of reëls wat bly voortbestaan. Veranderende gemeenskapsopvattings vul die gewoontereg aan of wysig dit; sien Du Plessis 1992 *De Jure* 290 en Olivier *et al Privaatreg* 1.

12 Sien par 3.3(b) hieronder.

13 *Bhe v Magistrate, Khayelitsha, (Commission for Gender Equality as Amicus Curiae); Shibi v Sithole; South African Human Rights Commission v President of the Republic of South Africa* 2005 1 SA 580 (KH). Hierin later "die *Bhe*-beslissing" genoem.

14 Sien paras 4.2.2 en 4.2.3 hieronder.

boedels met 'n waarde van hoogstens R50 000,00 moet hanteer.[15] Verskeie van hierdie reëlings is nie in openbare dokumente vervat nie en is gevolglik nie vir regspraktisyns en boedelberedderaars geredelik toeganklik nie.

Daarom is dit belangrik dat die ontwikkelings op hierdie gebied van die reg volledig uiteen gesit word. Dit is ook belangrik dat alle persone en instansies wat betrokke is by die beredderinq van boedels, hulleself moet vergewis van al die veranderinge wat op die gebied van die administrasie van die boedels van Swart erflaters plaasgevind het.

Wanneer die jongste ontwikkeling van die beredderinq van intestate boedels van Swart erflaters nagevors word, kan drie duidelike fases onderskei word. In die eerste plek sal die regsposisie voor 6 Desember 2000, dit wil sê die posisie voor die *Moseneke*-beslissing, kortliks bespreek word.[16] Die periode vanaf 6 Desember 2000 tot 14 Oktober 2004, dit wil sê na die periode van die *Moseneke*-beslissing tot voor die *Bhe*-beslissing, sal daarna bespreek word.[17] In die derde plek word die periode vanaf 14 Oktober 2004, dit wil sê die *Bhe*-beslissing en die tydperk daarna uiteengesit.[18]

Daar gaan afgesluit word met 'n samevatting en aanbevelings met betrekking tot die regsposisie betreffende die administrasie en beredderinq van bestorwe boedels, en meer spesifiek die beredderinq van intestate boedels van Swart erflaters.[19]

---

15 Sien par 3.2.3 hieronder.
16 Sien Hoofstuk 2 hieronder.
17 Sien Hoofstuk 3 hieronder.
18 Sien Hoofstuk 4 hieronder.
19 Sien Hoofstuk 5 hieronder.

# HOOFSTUK 2

## REGSPOSISIE VOOR 6 DESEMBER 2000

### *2.1 Inleiding*

Tot 5 Desember 2000 is 'n onderskeid tussen die bereddering van die intestate boedels van Swart erflaters en alle ander boedels getref. [20] Sedertdien het ingrypende veranderings op hierdie gebied plaasgevind. Dit is belangrik dat regspraktisyns, boedelberedderaars en akademici bewus moet wees van die ontwikkeling wat ten opsigte van die bereddering van intestate boedels wat ingevolge die gewoontereg moes vererf, plaasgevind het.

Die bereddering van boedels in hierdie tydperk is hoofsaaklik in twee kategorieë verdeel. Die Meester het jurisdiksie oor die boedels van Wit, Gekleurde en Indiese erflaters asook oor die testate boedels van Swart erflaters gehad, terwyl 'n Landdros jurisdiksie oor die administrasie van alle intestate boedels van Swart erflaters gehad het.[21]

Intestate boedels van Swart erflaters moes ingevolge artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet* en *GK* R200 van 1987, onder toesig van die Landdros geadministreer word.[22] Die Meester het geen bevoegdheid ten opsigte van die bereddering van hierdie boedels gehad nie. [23] Alle ander boedels, insluitende die testate boedels van Swart erflaters, moes ingevolge die *Boedelwet*[24] onder toesig van die Meester beredder word.

Die hele omwenteling in die beredderingsproses het begin toe artikel 23(7) van die *Swart Administrasie Wet,* asook Regulasie 3(1) van GK R200 van 1987 ongrondwetlik verklaar is.[25] Die relevante wetgewende bepalings en die invloed van die *Moseneke*-beslissing daarop, word vervolgens uiteen gesit.

---

20 Sien paras 2.2 en 2.3 hieronder.

21 Die Landdros het jurisdiksie oor die administrasie van alle intestate boedels van Swart erflaters gehad, ongeag of die oorledene 'n gewoonteregtelike of Westerse leefwyse gehandhaaf het. Sien Rautenbach 2004 *THRHR* 217.

22 Sien paras 2.2 en 2.3 hieronder.

23 A 23(7) van die *Swart Administrasie Wet;* sien ook par 2.2 hieronder.

24 *Boedelwet* 66 van 1965. Hierin later "die *Boedelwet*" genoem.

25 Sien paras 3.2.2 en 3.2.3 hieronder.

## 2.2 *Artikel 23 van die Swart Administrasie Wet 38 van 1927*

Artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet* het die vererwing van eiendom van 'n persoon wat volgens die gewoonteregtelike gebruike en reëls geleef het, gereël. Die relevante subartikels het soos volg bepaal:

> (1) Alle roerende goedere wat aan 'n Swarte behoort en wat hy toegewys het of wat kragtens Swart reg of Gebruik toekom aan 'n vrou met wie hy in 'n gebruiklike verbinding geleef het of aan 'n huis, gaan na sy dood oor en word beredder volgens Swart reg en gebruik.
>
> (2) Alle grond in 'n nedersetting wat 'n Swarte onder erfpagvoorwaardes in afsonderlike besit het gaan by sy dood oor op een manspersoon wat bepaal word volgens tabelle van erfopvolging wat ingevolge subartikel (10) vasgestel moet word.
>
> (3) Oor alle ander goedere van watter aard ook wat aan 'n Swarte behoort kan by testament beskik word.
>
> (4) ... (gewysig deur artikel 7(a) van Wet 9 van 1929).[26]
>
> (7) By die beredding en verdeling van -
>
> (a) die boedel van enige Swarte wat gesterf het sonder om 'n geldige testament na te laat; of
>
> (b) enige gedeelte van die boedel van 'n oorlede Swarte wat val onder subartikel (1) of (2), is geen briewe van administrasie van die Meester van die Hooggeregshof nodig nie en die Meester of enige eksekuteur wat deur die Meester aangestel is het in verband daarmee ook geen bevoegdhede nie ...
>
> (9) Waar 'n Swarte sterf en 'n geldige testament nalaat wat enige gedeelte van sy boedel vermaak is Swart reg en gebruik nie van toepassing op die beredding en verdeling van soveel van sy boedel as wat nie onder sub-artikel (1) of (2) val nie, en daardie beredding en verdeling geskied in elk opsig ooreenkomstig die Boedelwet, 1913.[27]
>
> (10) Die Goewerneur-generaal mag regulasies uitvaardig wat nie met hierdie Wet onbestaanbaar mag wees nie -
>
> (a) wat bepaal hoe die boedels van oorlede Swartes beredder en verdeel moet word;
>
> (b) wat die regte van weduwees of nagelate deelgenote vasstel met betrekking tot die gebruik en besit van erfpag-grond van oorlede Swartes;
>
> (c) wat handel oor onterwing van Swartes;
>
> (d) ... (geskrap deur artikel 2 van Wet 34 van 1986).[28]
>
> (e) wat tabelle van erfopvolging met betrekking tot Swartes vasstel; en

---

26 *Administrasie Wysigingswet* 9 van 1929.

27 *Boedelwet* 24 van 1913.

28 Die *Wet op die Afskaffing van Spesiale Howe vir Swartes* 34 van 1986.

(f) oor die algemeen tot betere uitvoering van die bepalings van hierdie artikel ...

Die posisie ingevolge artikel 23 kan soos volg opgesom word:

(a) Alle roerende eiendom van 'n Swart erflater wat hy toegewys het of wat kragtens die gewoontereg[29] aan 'n huis of sy vrou met wie hy in 'n gebruiklike verbinding geleef het, toegekom het, gaan na sy dood oor en word beredder volgens die gewoontereg.[30]

(b) Alle kommunale grond[31] wat 'n Swart erflater onder erfpagvoorwaardes in afsonderlike besit gehad het, moes verdeel word volgens tabelle van erfopvolging soos voorgeskryf in artikel 23(10).[32]

(c) Alle ander eiendom van 'n Swart erflater kon testamentêr oor beskik word.[33]

(d) Die Meester van die Hoë Hof het geen jurisdiksie gehad ten opsigte van die boedels van Swart erflaters wat intestaat gesterf het en ook nie ten opsigte van die boedels wat onder paragrawe (a) en (b) hierbo geressorteer het nie.[34]

(e) Indien 'n Swart erflater testaat gesterf het, kon slegs díe eiendom, wat nie onder paragrawe (a) en (b) hierbo geval het nie, testamentêr vererf.[35] Die bereddering en verdeling van hierdie tipe boedels moes ooreenkomstig die *Boedelwet*[36] geskied het.

(f) Die President[37] moes regulasies uitvaardig wat bepaal het hoe die boedels van oorlede Swartes beredder en verdeel moes word.[38] Dit is

---

29 Die *Swart Administrasie Wet* het verwys na "Swart reg en gebruik".
30 A 23(1) van die *Swart Administrasie Wet.*
31 Die *Swart Administrasie Wet* het verwys na "stamnedersetting".
32 A 23(2) van die *Swart Administrasie Wet.*
33 A 23(3) van die *Swart Administrasie Wet.*
34 A 23(7)(a) en (b) van die *Swart Administrasie Wet*. A 27 van die *Swart Administrasie Wet* is gewysig deurdat par (a) daarvan deur die *Boedelwysigingswet* 47 van 2002 (hierin later "die *Boedelwysigingswet*" genoem) geskrap is; sien paras 3.3.2 en 3.3.5 hieronder.
35 A 23(9) van die *Swart Administrasie Wet.*
36 A 23(9) van die *Swart Administrasie Wet,* voor enige wysigings aangebring is, het verwys na die *Boedelwet* 24 van 1913.
37 Die *Swart Administrasie Wet* het verwys na "Goewerneur-Generaal." Die *Derde Wysigingswet op Swart Wetgewing* 49 van 1970 bepaal dat die woord "Goewerneur-

regulasies wat die regte van weduwees of nagelate deelgenote, met betrekking tot die gebruik en besit van erfpag-grond van oorlede Swartes, uiteensit.[39] Dit kon die onterwing van Swart persone reël[40] en die tabelle van erfopvolging met betrekking tot Swartes vasgestel het.[41]

Die grondwetlikheid van artikel 23 was die onderwerp van besprekings in verskeie beslissings.[42] Dit is gedeeltelik in die *Moseneke*-beslissing[43] en later in die geheel in die *Bhe*-beslissing[44] ongrondwetlik verklaar. Die *"Repeal of the Black Administration Act and Amendment of Certain Laws Bill"* van 2005[45] sal artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet* die finale nekslag toedien wanneer dit as wetgewing aanvaar word.[46] Die grondwetlike kwessies rondom artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet*, val buite die omvang van hierdie skripsie.[47] In die besprekings wat hierna volg, word slegs op die wetgewing en regspraak wat vir die beredderíng van intestate boedels van Swart erflaters relevant is, bespreek.

---

Generaal" deur die woord "Staatspresident" vervang moet word. Vir die doeleindes van die skripsie sal daar verder verwys word na "die President".

38 A 23(10)(a) van die *Swart Administrasie Wet.*

39 A 23(10)(b) van die *Swart Administrasie Wet.*

40 A 23(10)(c) van die *Swart Administrasie Wet.*

41 A 23(10)(e) van die *Swart Administrasie Wet.* Die *Bhe*-beslissing van 2004 het egter a 23(10) van die *Swart Administrasie Wet* in die geheel ongrondwetlik verklaar; sien paras 3.3.5 en 4.2.3 hieronder.

42 Sien byvoorbeeld *Mthembu v Letsela* 1997 2 SA 936 (T); *Mthembu v Letsela* 1998 2 SA 675 (T); *Mthembu v Letsela* 2000 3 SA 867 (HHA); *Moseneke v The Master of the High Court* 2001 2 SA 18 (KH), *Bhe v Magistrate, Khayelitsha, (Commission for Gender Equality as Amicus Curiae); Shibi v Sithole; South African Human Rights Commission v President of the Republic of South Africa* 2005 1 SA 580 (KH) en *Ex parte Western Cape Provincial Government: In re DVB Behuising (Pty) Ltd v North West Provincial Government* 2001 1 SA 500 (KH).

43 A 23(7)(a) is in die *Moseneke*-beslissing ongrondwetlik verklaar; sien paras 3.2.2 en 3.2.3 hieronder.

44 Sien paras 4.2.2 en 4.2.3 hieronder.

45 Die wetsontwerp *Repeal of the Black Administration Act and Amendment of Certain Laws Bill* is in Staatskoerant 27845 gepubliseer op 28 Julie 2005. Hierin later "die *Repeal of the Black Administration Act and Amendment of Certain Laws Bill*, 2005," of "die Wetsontwerp" genoem.

46 Sien par 4.4 hieronder.

47 Vir 'n bespreking oor die grondwetlike kwessies in hierdie verband sien Maithufi 1998 *THRHR* 142-147; Maithufi 1998 *De Jure* 290-292; Prinsloo 1998 *TSAR* 570-575 en Van Heerden 1998 *THRHR* 522-532.

### *2.3 GK R200 van 1987*

GK R200 van 1987 was ingevolge artikel 23(10)[48] van die *Swart Administrasie Wet* uitgevaardig. Dit het bepaalde aanwysings met betrekking tot die bereddering van die boedels van Swart erflaters bevat. Regulasies 2 en 3 is veral van belang vir hierdie studie en word vervolgens kortliks uiteengesit.

#### 2.3.1 Regulasie 2 van GK R200 van 1987

Die relevante gedeeltes van Regulasie 2 het soos volg bepaal:

> As 'n Swarte sterf sonder om 'n geldige testament na te laat, moet al sy goed, insluitende onroerende goed, waarop subartikel (1) of subartikel (2) van artikel 23 van die Wet nie betrekking het nie, op die volgende wyse verdeel word:
>
> (a) As die oorledene gedurende sy lewe gewoonlik woonagtig was in enige gebied buite die Republiek behalwe Mosambiek, moet alle roerende bates in sy boedel ná betaling van vorderings wat betaalbaar blyk te wees, aan die beampte belas met die administrasie van die distrik of gebied waarin die oorledene gewoonlik woonagtig was, deurgestuur word om daaroor te beskik.
>
> (b) As die oorledene ten tyde van sy afsterwe die houer was van 'n vrystellingsbrief uitgereik kragtens die bepalings van artikel 32 van die Wet wat hom vrystel van die toepassing van die *Wetboek van Zoeloereg*,[49] gaan sy goed oor asof hy 'n Blanke was.
>
> (c) As die oorledene ten tyde van sy afsterwe -
>
> (i) 'n party was by 'n huwelik in gemeenskap van goedere of op huweliksvoorwaardes; of
>
> (ii) 'n wewenaar, weduwee of geskeide persoon was, na gelang van die geval, van 'n huwelik in gemeenskap van goedere of op huweliksvoorwaardes en nie oorleef is deur 'n party by 'n gebruiklike verbidding wat na ontbinding van genoemde huwelik aangegaan is nie, moet die goed oorgaan asof die oorledene 'n Blanke was.
>
> (d) Wanneer 'n oorlede Swarte deur 'n party oorleef word -
>
> (i) met wie hy 'n huwelik aangegaan het wat ooreenkomstig subartikel (6) en artikel 22 van die Wet nie die regsgevolge van 'n huwelik in gemeenskap van goedere gehad het nie; of
>
> (ii) met wie hy 'n gebruiklike verbinding aangegaan het; of
>
> (iii) wat ten tyde van sy afsterwe as sy sogenaamde vrou met hom saamgeleef het,
>
> of deur 'n nakomeling van hom en van so 'n party, en die omstandighede van so 'n aard is dat dit na die mening van die Minister die toepassing van Swart reg en gebruik op die vererwing van al of 'n gedeelte van sy goed onregverdig of ongeskik maak, kan die Minister gelas dat vermelde goed of genoemde gedeelte daarvan, na gelang van die geval, moet oorgaan asof genoemde Swarte en genoemde party wettig buite gemeenskap van goedere

---

48 Sien par 2.2(f) hierbo.

49 Sien *KwaZulu-Wet op die Wetboek van Zoeloereg* 16 van 1985.

getroud was, of dit nou in werklikheid die geval was of nie, en asof genoemde Swarte 'n Blanke was.

(e) As die oorledene nie onder enige van die klasse in paragrawe (a), (b), (c) en (d) val nie, moet die goed volgens Swart reg en Gebruik verdeel word.

Regulasie 2 het die wyse bepaal waarop die boedel van 'n Swart erflater moes vererf indien artikel 23(1) en (2) van die *Swart Administrasie Wet*[50] nie van toepassing was nie. Die volgende klasse is onderskei:

**(a) Oorledene woonagtig buite Suid-Afrika**[51]

Indien die oorledene gedurende sy lewe gewoonlik woonagtig was in enige gebied buite Suid-Afrika (behalwe Mosambiek), het die reg van daardie gebied ten opsigte van die bereddering van die boedel gegeld. Alle roerende eiendom moes na die betaling van vorderings teen die boedel, aan die beampte van daardie gebied deurgestuur word vir die nodige handeling daarmee.[52]

**(b) Oorledene houer van vrystellingsbrief**[53]

Indien 'n Swart erflater ten tye van sy afsterwe die houer van 'n vrystellingsbrief was wat kragtens die bepalings van artikel 31 van die *Swart Administrasie Wet* uitgereik was, was die *Wet op Intestate Erfopvolging* van toepassing.

Ingevolge artikel 31 kon die President 'n Swart persoon vrystel van die toepassing van die gewoontereg deur aan hom 'n vrystellingsbrief te verleen.[54] Die vrystelling kon aan voorwaardes onderhewig gestel word.[55] Die President moes regulasies uitgevaardig het wat as administratiewe riglyne by die aansoek van die vrystelling dien.[56]

---

50 Sien par 2.2 hierbo.

51 Reg 2(a) van GK R200 van 1987.

52 Die *Wysiging van die Regulasies vir die Bereddering en Verdeling van Boedels*, Goewermentskennisgewing R1501, gepubliseer in Staatskoerant 24120 van 3 Des 2002 (hierin later "GK R1501 van 2002" genoem). Dit het Reg 2(a) van GK R200 van 1987 geskrap; sien paras 3.3.3 en 3.3.5 hieronder.

53 Reg 2(b) van GK R200 van 1987.

54 A 31(1) van die *Swart Administrasie Wet*.

55 A 31(2) van die *Swart Administrasie Wet*.

56 A 31(5) van die *Swart Administrasie Wet*.

### (c) Huwelikstatus van die oorledene[57]

In die geval waar die oorledene binne gemeenskap van goed getroud was of waar huweliksvoorwaardes gegeld het, moes die *Wet op Intestate Erfopvolging* toegepas word. Dit het ook gegeld waar die oorledene 'n weduwee, wewenaar of geskeide persoon was wat een van die bogenoemde huwelike gesluit het en nie oorleef is deur 'n party in 'n gewoonteregtelike huwelik nie.

### (d) Erfgename van die oorledene[58]

Indien 'n Swart erflater oorleef is deur een van die volgende kategorie persone, kon die Minister gelas dat die *Boedelwet* van toepassing was, indien dit billiker sou wees as om die gewoontereg toe te pas:

- 'n persoon met wie die erflater 'n huwelik ingevolge artikel 22(6) van die *Swart Administrasie Wet* gesluit het;[59]
- 'n persoon met wie die erflater 'n gebruiklike huwelik aangegaan het; of
- 'n persoon met wie die erflater as man en vrou saamgeleef het.

In *Zondi v President of the Republic of South Africa*[60] het die hof beslis dat Regulasie 2 ongrondwetlik is in die mate wat dit vir die doeleindes van intestate erfopvolging onderskei het tussen persone wat 'n burgerlike huwelik aangegaan het ingevolge artikel 22(6) van die *Swart Administrasie Wet* enersyds en 'n persoon wat andersyds 'n burgerlike huwelik wat binne

---

57 Reg 2(c) van GK R200 van 1987.

58 Reg 2(d) van GK R200 van 1987.

59 A 22(6) van die *Swart Administrasie Wet* is herroep deur a 1(e) van die *Wysigingswet op Huweliks- en Huweliksgoederereg* 3 van 1988. Hierdie Wet het die regsposisie gewysig deurdat alle burgerlike huwelike wat deur Swart persone na 2 Desember 1988 gesluit is, ook nou deur die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984 beheer word; sien Robinson *et al Inleiding* 106.

60 *Zondi v President of the Republic of South Africa* 2000 2 SA 49 (N). Hierdie beslissing het in die Natalse Provinsiale Afdeling voorgekom en is dus nie bindend op die howe in ander provinsies nie.

gemeenskap van goed of kragtens 'n huweliksvoorwaardekontrak aangegaan het.[61]

#### (e) Waar die oorledene nie onder bogenoemde klasse val nie[62]

Indien die oorledene nie onder paragrawe (a)-(d) hierbo ingedeel kon word nie, het die gewoontereg gegeld.[63]

### 2.3.2 Regulasie 3 van GK R200 van 1987

Regulasie 3(1) en (2) het soos volg bepaal:

> (1) Al die goedere van 'n boedel waarop paragrawe (a), (b), (c) en (d) van regulasie 2 van hierdie regulasies van toepassing is, word beredder onder toesig van die landdros in wie se regsgebied die oorledene gewoonlik woonagtig was en sodanige bevele in verband met die verdeling daarvan as wat hy mag goedvind en hy doen alle stappe wat nodig is om seker te maak dat die bepalings van die Wet en hierdie regulasies nagekom word.
>
> (2) Wanneer die landdros in wie se regsgebied 'n oorlede Swarte gewoonlik woonagtig was of, in die geval van onroerende goed, die landdros in wie se regsgebied sodanige goed geleë is, van mening is dat dit nodig is, in verband met die verdeling van enige goedere in die boedel van sodanige Swarte waarop subartikel (1) of subartikel (2) van artikel 23 van die Wet of paragraaf (e) van regulasie 2 betrekking het, dat 'n ondersoek ingestel behoort te word ten einde te bepaal watter persoon of persone reg op sodanige goed het, dan kan sodanige landdros enige persoon voor hom laat verskyn wat inligting van sodanige goed en na aanhoor van sodanige persone, soos hy nodig mag ag, gee hy sodanige bevele in verband met die verdeling van sodanige goed as wat hy mag goedvind om seker te maak dat die bepalings van die Wet en van hierdie regulasies nagekom word ...

Regulasie 3(1) het bepaal dat al die goedere waarop Regulasie 2(a), (b), (c) en (d) van GK R200 van 1987 van toepassing was, onder toesig van die Landdros in wie se jurisdiksie die oorledene gewoonlik woonagtig was, beredder moes word. Hy moes al die nodige stappe neem om te verseker dat die bepalings van die *Swart Administrasie Wet* en die Regulasies van GK R200 van 1987 nagekom word.[64]

---

61 Vir 'n bespreking hiervan, sien Rautenbach en Du Plessis 2003 *De Jure* 22 en Maithufi 2000 *De Jure* 155-161.

62 Reg 2(e) van GK R200 van 1987. GK R1501 van 2002 het Reg 2(e) gewysig; sien paras 3.3.3 en 3.3.5 hieronder.

63 Bekker *et al Inleiding* 123.

64 GK R1501 van 2002 het Reg 3 (van GK R200 van 1987) gewysig deur subregulasie (1) daarvan te skrap; sien paras 3.3.3 en 3.3.5 hieronder.

Die Landdros kon ook waar hy dit nodig geag het, 'n ondersoek in verband met die verdeling van enige goedere in die boedel van 'n Swart erflater gelas het. Hierdie ondersoek het ten doel om vas te stel watter persoon of persone die reg op sodanige goed gehad het.[65]

### *2.4 Gevolgtrekking*

Voor 6 Desember 2005 kon die administrasie van boedels in hoofsaaklik twee kategorieë verdeel word. Die Landdros het jurisdiksie gehad oor die intestate boedels van Swart erflaters en die Meester van die Hoë Hof het jurisdiksie oor alle ander boedels gehad.

Die magte van die Meester met betrekking tot die intestate boedels van Swart erflaters was uitdruklik uitgesluit in terme van artikel 23(7)(a) van die *Swart Administrasie Wet*.

Die aanslag teen hierdie wetgewende bepalings het op 6 Desember 2000 met die uitspraak van die *Moseneke*-beslissing begin. Die regsgevolge wat daardeur teweeggebring is, word vervolgens bespreek.[66]

65 Reg 3(2) van GK R200 van 1987.
66 Sien par 3.2 hieronder.

# HOOFSTUK 3

## REGSPOSISIE VAN 6 DESEMBER 2000 TOT 13 OKTOBER 2004

### *3.1 Inleiding*

Op 6 Desember 2000 het die *Moseneke*-beslissing, 'n uitspraak van die Konstitusionele Hof, die regsposisie met betrekking tot die bereddering van die intestate boedels van Swart erflaters aansienlik verander. Die *Moseneke*-beslissing het gehandel oor 'n intestate boedel van 'n Swart erflater wat ooreenkomstig artikel 23(7)(a) van die *Swart Administrasie Wet* en Regulasie 3(1) van GK R200 van 1987 onder toesig van die Landdros geadministreer moes word.[67]

Die uitspraak van die Konstitusionele Hof is na twee jaar vergestalt in wetgewing wat die regsposisie nog verder gewysig het.[68] Die veranderings op die gebied van intestate boedels van Swart erflaters word vervolgens bespreek.

### *3.2 Moseneke v The Master 2001 2 SA 18 (KH)*

#### 3.2.1 Feite

Die oorledene, mnr Sedise Samuel John Moseneke, het in Oktober 1999 intestaat gesterf. Sy vrou en vier seuns het hom oorleef en was die appellante in die saak. Die appellante en die oorledene het in die stad gewoon en het 'n stedelike leefstyl gehandhaaf. Die appellante was ontevrede oor die feit dat die boedel deur die Landdros geadministreer moes word, terwyl alle ander boedels deur die Meester geadministreer word. Die saak is na die Hoë Hof verwys vir 'n bevel om Regulasie 3(1)[69] ongrondwetlik te verklaar. Verder het hulle ook vereis dat die Meester die oorledene se boedel moes administreer. Die hof *a quo* het die appellante gelyk gegee en Regulasie 3(1) ongrondwetlik verklaar. Die konsepbevel is vir bekragtiging, in

67 Sien par 3.2 hieronder.
68 Sien paras 3.3.2 en 3.3.3 hieronder.
69 Sien par 2.3.2 vir 'n bespreking van Reg 3(1) van GK R200 van 1987.

terme van artikel 172(2)(a)[70] van die *Grondwet,* na die Konstitusionele Hof verwys.[71]

### 3.2.2 Uitspraak van die Konstitusionele Hof

Die Konstitusionele Hof het, by monde van Regter Sachs, aangedui dat die ongeldigverklaring van Regulasie 3(1) van GK R200 van 1987 'n gaping in die reg sou veroorsaak, aangesien nóg die Meester nóg die Landdros dan die bevoegdheid sal hê om die intestate boedels van Swart erflaters te administreer. In 'n poging om hierdie gaping te vermy, het die appellante verder geëis dat artikel 23(7)[72] van die *Swart Administrasie Wet* ook ongrondwetlik verklaar moes word.

Die hof het beslis dat beide Regulasie 3(1) en artikel 23(7) op grond van ras, etniese oorsprong en kleur onderskei en dus onbillike diskriminasie binne die bedoeling van artikel 9[73] van die *Grondwet*, daargestel het.[74] Die Meester en

---

70 A 172(2)(a) van die *Grondwet* bepaal: "Die Hoogste Hof van Appèl, 'n Hoë Hof of 'n hof met soortgelyke status kan 'n bevel gee oor die grondwetlike geldigheid van 'n Parlementswet, 'n provinsiale Wet of enige optrede van die President, maar 'n bevel van grondwetlike ongeldigheid is nie van krag tensy dit deur die Konstitusionele Hof bevestig word nie."

71 Regter Sachs het dit betwyfel of dit werklik nodig was dat die bevel in terme van a 172(2)(a) van die *Grondwet* bevestig moes word, maar het in elk geval voortgegaan met die saak sonder om die kwessie verder aan te spreek; sien par [8] van die *Moseneke*-beslissing.

72 Sien par 2.2(d) hierbo vir 'n bespreking van a 23(7) van die *Swart Administrasie Wet.*

73 A 9 van die *Grondwet* is die sogenaamde "gelykheidsklousule." Dit bepaal soos volg:

(1) Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.

(2) Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in. Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is.

(3) Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.

(4) Geen persoon mag regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand op een of meer gronde ingevolge subartikel (3) diskrimineer nie. Nasionale wetgewing moet verorden word om onbillike diskriminasie te voorkom of te belet.

(5) Diskriminasie op een of meer van die gronde in subartikel (3) vermeld, is onbillik, tensy daar vasgestel word dat die diskriminasie billik is.

74 Sien par [22B-E/F] van die *Moseneke*-beslissing.

die Minister het aangevoer dat die onderskeid om praktiese redes behoue moes bly,[75] maar Regter Sachs beslis dat die onderskeid:

> ... is rooted in racial discrimination which severely assails the dignity of those concerned and undermines attempts to establish a fair and equitable system of public administration.[76]

Hy beslis dat die administrasie en bereddering van 'n persoon se boedel nie aan ras gekoppel moet word nie en dat dieselfde voordeel tot almal se beskikking moet wees, veral persone wat nie naby die Meesterskantore woonagtig is nie.[77] Hy verklaar dat:

> I cannot accept that the provisions are reasonable and justifiable in an open and democratic society based on equality, freedom and dignity. No such society would tolerate differential treatment based solely on skin colour, particularly where the legislative provisions under consideration formed part of a larger package of racially discriminatory legislation which disadvantaged black people systematically and effectively.[78]

### 3.2.3 Bevel van die Konstitusionele Hof

Regter Sachs het egter besef dat 'n onmiddellike nietigverklaring van artikel 23(7)(a)[79] van die *Swart Administrasie Wet* en Regulasie 3(1)[80] van GK R200 van 1987 sosio-ekonomiese probleme kon veroorsaak en beslis, onder andere, soos volg:

(a) Die *status quo* met betrekking tot boedels wat reeds ingevolge artikel 23(7)(a) en Regulasie 3(1) ingestel is, word gehandhaaf.

(b) Swart families het 'n keuse of hulle die bestorwe boedels by die Meester of Landdros wil rapporteer.[81]

---

75 Die Meester het weens praktiese redes, byvoorbeeld die gebrek aan personeel, struktuur, opleiding en finansies, die heersende werklading van die Meesters wat baie hoog is, moontlike bestuursprobleme en chaos by die oordrag van boedels vanaf die Landdroskantoor na die Meesterskantoor, die aansoek in die *Moseneke*-beslissing teengestaan. Die Minister het soortgelyk geargumenteer dat die metode van die administrasie van gewoonteregtelike boedels by Landdroshowe informeel en relatief vinnig en goedkoop was asook dat dit meer gerieflik vir die Landdroste sou wees om gewoonteregtelike boedels te administreer, aangesien Landdroshowe in elke klein dorpie aangetref word; sien paras [14]-[16] van die *Moseneke*-beslissing.

76 Sien par [22B-D] van die *Moseneke*-beslissing.

77 Sien par [22D-E] van die *Moseneke*-beslissing.

78 Sien par [23] van die *Moseneke*-beslissing.

79 Sien par 2.2(d) hierbo.

80 Sien par 2.3.2 hierbo.

81 Dié bevel het slegs ten opsigte van die boedels van Swart erflaters, wat nie ingevolge die gewoontereg moes vererf nie, gegeld.

Ten einde die oogmerke in paragraaf (b) te bereik, is artikel 23(7)(a) met onmiddellike effek ongeldig verklaar, maar die ongeldigverklaring van Regulasie 3(1) is vir 'n tydperk van twee jaar uitgestel. Ten einde die Meester in staat te stel om die boedels van Swart erflaters te beredder, is die woord "moet" in Regulasie 3(1)[82] vervang met "mag" vir 'n periode van twee jaar.[83]

Die Hof het verder gelas dat enige belanghebbende persoon die Hof kon nader om die bevel te wysig indien ernstige administratiewe of praktiese probleme ervaar word. Die Meester van die Hoë Hof van Pretoria, is beveel om die boedel van die oorledene volgens die bepalings van die *Boedelwet* te administreer en die Minister vir Justisie en Staatkundige Ontwikkeling is gelas om die bevel van die Konstitusionele Hof onder die aandag te bring van alle Meesters en Landdroste wat boedels ingevolge die *Swart Administrasie Wet* en die Regulasies van GK R200 van 1987, geadministreer en beredder het.

### *3.3 Regsposisie na 6 Desember 2000*

#### 3.3.1 Inleiding

In die *Moseneke*-beslissing is artikel 23(7)(a) van die *Swart Administrasie Wet* met onmiddellike effek ongeldig verklaar. Weens praktiese probleme wat hiermee gepaard gegaan het, is die ongeldigverklaring van Regulasie 3(1) van GK R200 van 1987 vir 'n tydperk van twee jaar ná die beslissing uitgestel.[84] Die bepalings in die *Moseneke*-beslissing moes in wetgewing vervat word en kort voor die venster-periode van twee jaar verstryk het, het twee wetgewingstukke die lig gesien, naamlik die *Boedelwysigingswet* en GK R1501 van 2002.[85]

#### 3.3.2 *Boedelwysigingswet* 47 van 2002

Die *Boedelwysigingswet* het die *Boedelwet*[86] en die *Swart Administrasie Wet*[87] gewysig om die bereddering van bestorwe boedels wat nie ingevolge

82 Sien par 2.3.2 hierbo vir die bewoording van Reg 3(1) van GK R200 van 1987.
83 Sien par [31E-F] van die *Moseneke*-beslissing.
84 Sien par 2.3.2 hierbo; sien verder Rautenbach en Du Plessis 2003 *De Jure* 22.
85 Rautenbach 2004 *THRHR* 226.
86 Sien par 3.3.4 hieronder.
87 Sien par 3.3.5 hieronder.

die beginsels van die gewoontereg gereguleer moes word nie, verder te kon reël. Dit het ook voorsiening gemaak vir aangeleenthede wat daarmee verband gehou het. Die *Boedelwysigingswet* het ten doel om die *Boedelwet* te wysig om voorsiening te maak vir die bereddering van bestorwe boedels wat nie ingevolge die beginsels van die gewoontereg gereguleer word nie.[88] Díe Wet het op 5 Desember 2002 ingetree en die relevante bepalings lui soos volg:

> 1 Voeg artikel 2A in die *Boedelwet* 66 van 1965 in.
>
> 2 Wysig artikel 4 van die *Boedelwet* 66 van 1965, soos volg: paragraaf (a) vervang in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan; en paragraaf (b) voeg subartikel (1A) in.
>
> 3 Wysig artikel 23 (7) van die *Swart Administrasie Wet* 38 van 1927 deur paragraaf (a) te skrap.

Die Wet is nie terugwerkend nie en geld ten opsigte van persone wat na 5 Desember 2002 gesterf het.[89] Die belangrikste wysigings word hierna aan die hand van die *Boedelwet* bespreek.[90]

### 3.3.3 GK R1501 van 2002

GK R1501 van 2002 het sekere van die Regulasies soos vervat in GK R200 van 1987 gewysig.[91] Die relevante gedeeltes van GK R1501 van 2002 bepaal soos volg:

> 2. Regulasie 2[92] van die Regulasies word hierby gewysig deur-
>
> (a) die skrapping van paragraaf (a); en
> (b) die vervanging in paragraaf (e) van die uitdrukking 'paragrawe (a), (b), (c) en (d)' met die uitdrukking 'paragrawe (b), (c) en (d)'.
>
> 3. Regulasie 3[93] van die Regulasies word hierby gewysig deur die vervanging van subregulasie (1) met die volgende subregulasie:
>
> (1) Al die eiendom in enige boedel wat binne die omvang van Regulasie 2(e) val word ingevolge die beginsels van die inheemse reg en die bepalings van hierdie regulasies geadministreer, en alle ander eiendom word onder die jurisdiksie van die Meester van die Hoë Hof ingevolge die bepalings van die *Boedelwet*, 1965 (Wet No 66 of 1965), geadministreer.

---

88 Sien voorwoord van die Wet.
89 Sien a 4 van die *Boedelwet*.
90 Sien par 3.3.4 hieronder.
91 Regulasies 2, 3, 4, en 6 van GK R200 van 1987 is deur GK R1501 van 2002 gewysig.
92 Sien par 2.3.1 hierbo vir die bewoording van Reg 2.
93 Sien par 2.3.2 hierbo vir die bewoording van Reg 3.

Die belangrikste veranderings wat GK R1501 van 2002 met betrekking tot GK R200 van 1987 teweeggebring het, word hierna vollediger bespreek.[94]

### 3.3.4 *Boedelwet* 66 van 1965

Soos hierbo aangedui,[95] is die *Boedelwet* gewysig om voorsiening te maak vir dienspunte waar die bevoegdhede en pligte namens die Meester uitgeoefen kan word.[96] Die beamptes by die dienspunte moet uit die geledere van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling gekies word.[97] Die aangestelde persone mag slegs gedelegeerde funksies namens en onder leiding van die Meester uitoefen.[98]

As gevolg van die *Moseneke*-beslissing en die wetgewende veranderings, het die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling (Justisie Kollege) 'n handleiding uitgebring waarin die beredderingsproses van boedels van Swart persone uiteengesit is.[99] Hierdie handleiding word in die opleiding van beamptes van Landdroskantore, wat belas is met die beredderinq van boedels met 'n waarde van minder as R50 000,00 gebruik.

Die Adjunk-direkteur-generaal het as tussentydse maatreël besluit om alle Landdroskantore as dienspunte aan te wys wat enige boedels met 'n waarde

---

94 Sien par 3.3.5 hieronder.

95 Sien par 3.3.2 hierbo.

96 A 2A van die *Boedelwet* bepaal soos volg:

(1) Die Minister kan poste op of bykomend tot die vaste diensstaat van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling aanwys vir doeleindes van hierdie artikel.

(2) Persone wat aangestel is of waarneem in poste wat deur die Minister aangewys is, moet die bevoegdhede uitoefen en pligte uitvoer wat aan hulle gedelegeer is namens en in opdrag van die Meester.

(3) Die Minister kan plekke binne die jurisdiksiegebied van 'n Meester aanwys as dienspunte waar die bevoegdhede en pligte namens die Meester ingevolge subartikel (2) uitgeoefen en uitgevoer word.

(4) Die Minister kan enige bevoegdheid wat ingevolge hierdie artikel aan hom of haar verleen word, aan die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling of aan 'n persoon wat die rang van Adjunk-direkteur-generaal in die Departement beklee, delegeer.

97 A 2A(1) van die *Boedelwet*.

98 A 2A(2) van die *Boedelwet*; sien ook Rautenbach 2004 *THRHR* 227.

99 Meyer en Rudolph *Justice College: Interim Policy Manual*. Hierdie weergawe was die tussentydse handleiding wat na die *Moseneke*-beslissing uitgebring is.

van hoogstens R50 000,00 moet hanteer.[100] Ten minste een beampte by elke Landdroskantoor is aangestel vir die hantering van sodanige boedels.[101] Dit is nie nodig dat die beampte, soos vroeër die geval was, 'n Landdros moet wees nie. Dit is juis een aspek van die nuwe wysigings waarteen moontlik kritiek geopper kan word. Die aangewese beampte het moontlik geen formele regsopleiding gehad nie en mag dus nie voldoende geskool wees in die ingewikkelhede van boedelbeplanning nie.

Die besigheidseenheid van die Meesterskantoor en die hofdienste van die Departement van Justisie het intern ooreengekom dat die Meester se verteenwoordigers dieselfde dienste sal lewer wat gewoonlik deur die Meester ten opsigte van boedels wat ingevolge die gemenereg beredder moet word.[102] Verskeie van hierdie reëlings is nie in openbare dokumente vervat nie en gevolglik nie vir regspraktisyns en boedelberedderaars geredelik toeganklik nie.

Die *Boedelwysigingswet*[103] het 'n verdere wysiging aan die *Boedelwet* aangebring. Dit het artikel 4 van die *Boedelwet* gewysig[104] en bepaal dat die Meester die bevoegdheid het om die bestorwe boedels van erflaters wat nie ingevolge die beginsels van die gewoontereg gereguleer word nie, te beredder.[105] Subartikel 1A van artikel 4 van die *Boedelwet* bepaal dat die

---

100 Dit is die sogenaamde a 18(3)-boedels. A 18(3) van die *Boedelwet* bepaal: "Indien die waarde van die boedel nie meer is as die bedrag wat die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant bepaal, bedra nie, kan die Meester van die aanstelling van 'n eksekuteur afsien en opdrag gee aangaande die wyse waarop so 'n boedel beredder en verdeel moet word." Sien ook Rautenbach 2004 *THRHR* 227 in hierdie verband.

101 Ingevolge a 2A(3) van die *Boedelwet* kan die Minister plekke wat binne die jurisdiksiegebied van die Meester geleë is, as dienspunte aanwys waar die bevoegdhede en pligte wat aan hulle gedelegeer is, uitgeoefen en uitgevoer word.

102 Rautenbach 2004 *THRHR* 227.

103 Sien par 3.3.2 hierbo.

104 Deur a 2(a) van die *Boedelwysigingswet;* sien par 3.3.2 hierbo.

105 A 4(1) van die *Boedelwet* bepaal: "Ten opsigte van die boedel van 'n oorledene wat nie ingevolge die beginsels van die gewoontereg gereguleer word nie, of van enige gedeelte daarvan, berus die regsbevoegdheid - (a) in die geval van 'n oorledene wat ten tyde van sy of haar dood sy of haar gewone verblyf binne die regsgebied van 'n Hoë Hof gehad het, by die Meester wat ten opsigte van daardie gebied aangestel is; en (b) in die geval van 'n oorledene wat nie ten tyde van sy dood aldus sy verblyf gehad het nie, by die Meester by wie aansoek gedoen word om die uitreiking van 'n eksekuteursbrief of om die ondertekening onder ampseël van so 'n brief wat reeds ten opsigte van die betrokke boedel uitgereik is: Met dien verstande dat 'n Meester wat anders geen regsbevoegdheid ten opsigte van 'n bestorwe boedel sou besit nie, op skriftelike aansoek van iemand wat by daardie boedel belang het, en met toestemming van die Meester wat wel die regsbevoegdheid besit, regsbevoegdheid ten opsigte van daardie boedel op hom kan neem."

Meester geen bevoegdheid ten opsigte van die bereddering van boedels van Swart erflaters wat ooreenkomstig die gewoontereg geleef het, het nie.[106]

### 3.3.5 *Swart Administrasie Wet* en GK R200 van 1987

In ooreenstemming met die *Moseneke*-beslissing is artikel 23(7)(a)[107] van die Swart *Administrasie Wet* geskrap.[108] Die Meester het gevolglik jurisdiksie ten opsigte van intestate boedels van Swart erflaters (wat nie ingevolge die gewoontereg moet vererf nie)[109] verkry.

GK R200 van 1987 is ook aansienlik gewysig om in ooreenstemming met die *Moseneke*-beslissing te wees. Regulasie 2(a)[110] is in die geheel geskrap en Regulasie 2(e)[111] is gewysig om vir die gevolge van die skrapping van Regulasie 2(a) voorsiening te maak.

Die gewraakte bepaling, Regulasie 3(1),[112] is vervang om voorsiening te maak dat alle eiendom wat binne die omvang van Regulasie 2(e) geval het, volgens die gewoontereg beredder moes word. Die jurisdiksie van die Meester is gevolglik steeds uitgesluit in die geval van intestate boedels van erflaters wat ingevolge die gewoontereg moes vererf.

### *3.4 Gevolgtrekking*

In die *Moseneke*-beslissing is beslis dat artikel 23(7)(a) van die *Swart Administrasie Wet* en Regulasie 3(1) van GK R200 van 1987 teenstrydig met die bepalings van die *Grondwet*, en dus ongeldig is. Weens die praktiese effek van die onmiddellike ongeldigverklaring van hierdie twee bepalings, het die Hof beslis dat artikel 23(7)(a) van die *Swart Administrasie Wet* met onmiddel-

---

106 A 4(1A) van die *Boedelwet* is ingevoeg deur a 2(b) van die *Boedelwysigingswet*. Dit bepaal soos volg: "Die Meester het geen regsbevoegdheid nie ten opsigte van goed indien die verdeling van die goed ingevolge die beginsels van die gewoontereg gereguleer word, of van die boedel van 'n persoon indien die verdeling van al die goed van die persoon ingevolge die beginsels van die gewoontereg gereguleer word, en geen dokumente word ten opsigte van sodanige goed of boedel by die Meester ingedien nie, behalwe 'n testament of 'n dokument wat 'n testament heet te wees."

107 Sien par 2.2(d) hierbo.

108 Deur a 3 van die *Boedelwysigingswet*.

109 Die jurisdiksie van die Meester is nog steeds uitgesluit ten opsigte van intestate boedels wat ingevolge die gewoontereg moet verdeel.

110 Sien par 2.3.1(a) hierbo.

111 Sien par 2.3.1(e) hierbo.

112 Sien par 2.3.2 hierbo.

like effek ongeldig is, maar dat die ongeldigverklaring van Regulasie 3(1) van GK R200 van 1987 vir 'n tydperk van twee jaar uitgestel moes word.[113]

Regter Sachs het beslis dat enige belanghebbende persoon hom tot die Hof kon wend indien enige administratiewe of praktiese probleme met betrekking tot die bepalings van hierdie beslissing voorgekom het.[114] Deur hierdie bevel te maak het die hof 'n agterdeur oopgelaat vir die aanmelding van enige toekomstige probleme wat in hierdie verband kon voorkom.[115] Daar was geen sodanige aansoeke in die twee jaar venster-periode nie.

Die bevel van die *Moseneke*-beslissing is kort voor die verstryking van die twee jaar periode in wetgewing omskep.[116] Die bepalings die *Boedelwysigingswet* en GK R1501 van 2002 het onderskeidelik artikel 23(7)(a) en Regulasie 3(1) geskrap. Die invoeging van artikel 2A by die *Boedelwet*, het tot gevolg gehad dat dienspunte by Landdroskantore opgerig is en ook dat beamptes aangestel is om sodoende die beredderingsproses van alle bestorwe boedels te vergemaklik. Die beamptes moes gedelegeerde bevoegdhede van die Meester uitvoer om sodoende die werklading van die Meester te verlig.

Die wysiging van artikel 4(1) van die *Boedelwet* en die invoeging van artikel 4(1A) van dieselfde wet het die bevoegdhede van die Meester ten opsigte van die boedels van Swart erflaters wat ooreenkomstig die gewoontereg verdeel moes word, uitgesluit.

Vir 'n verdere periode van twee jaar het die regsposisie soos hierbo geskets, gegeld. Die grootste doelwit met hierdie veranderings was dat alle boedels, behalwe die intestate boedels van Swart erflaters wat ingevolge die gewoontereg moes vererf, onder die toesig van die Meester geadministreer moes word.[117] In 2004 het die *Bhe*-beslissing egter die regsposisie aansienlik

---

113 Sien par [27] van die *Moseneke*-beslissing; sien ook Rautenbach en Du Plessis 2003 *De Jure* 22.
114 Sien par [31] van die *Moseneke*-beslissing.
115 Rautenbach 2004 *THRHR* 226.
116 Sien par 3.4 hierbo.
117 Soos bepaal deur a 4(1) en a 4(1A) van die *Boedelwet*; sien par 3.3.4 hierbo.

gewysig.[118] Die uitwerking van hierdie beslissing word hierna in hoofstuk 4 bespreek.

118 Sien Hoofstuk 4 hieronder.

## HOOFSTUK 4

## REGSPOSISIE VANAF 14 OKTOBER 2004

### *4.1 Inleiding*

Die regsposisie met betrekking tot intestate boedels wat ingevolge die gewoontereg moet vererf, is verder deur die welbekende *Bhe*-beslissing gewysig. Drie sake is saam deur die Konstitusionele Hof aangehoor. Die eerste saak is *Bhe v Magistrate, Khayalitsha.* [119] Die saak is na die Konstitusionele Hof verwys vir die bevestiging van die bevel wat artikel 23(10)(a), (c) en (e) van die *Swart Administrasie Wet* en Regulasie 2(e) van GK R200 van 1987 ongrondwetlik verklaar het. Die kwessie van die manlike eersgeboortereg van die gewoontereg was ook in hierdie saak bespreek.

Die tweede saak was *Shibi v Sithole*[120] wat ook na die Konstitusionele Hof verwys is vir die bevestiging van 'n soortgelyke bevel as dié in die *Bhe v The Magistrate, Khayelitsha.*[121]

Die derde saak is *South African Human Rights Commission v President of the Republic of South Africa*. In hierdie saak het die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie en die "Women's Legal Centre Trust" aansoek vir direkte toegang na die Konstitusionele Hof gedoen.[122] Beide partye het in hulle eie belang[123] en in openbare belang[124] opgetree, terwyl die "Women's Legal Centre Trust" ook in belang van 'n groep of 'n klas persone opgetree het.[125] Die Konstitusionele Hof het bevind dat beide instellings die nodige regsbevoegdheid in die verrigtinge voor die hof gehad het, aangesien hulle namens Swart vroue en kinders opgetree het. Daarbenewens word sekere manlike persone ook deur die beginsel van eersgeboortereg geraak.[126] Die Menseregte Kommissie en

---

119 *Bhe v The Magistrate, Khayelitsha* 2004 2 SA 544 (K) (Hierin later "*Bhe v The Master, Khayelitsha*" genoem; sien par 4.2.1 hieronder.

120 *Shibi v Sithole*, saaknommer 7292/01 (19 Nov 2003) ongerapporteerde saak van die Hoë Hof van Pretoria. Hierin later "*Shibi v Sithole*" genoem.

121 Sien par 4.2.2 hieronder.

122 Paras [7] en [29] van die *Bhe*-beslissing.

123 Sien a 38(a) van die *Grondwet.*

124 Sien a 38(d) van die *Grondwet.*

125 A 38(c) van die *Grondwet.* Sien ook par [30] van die *Bhe*-beslissing.

126 Sien paras [32]-[34] van die *Bhe*-beslissing.

die "Women's Legal Centre Trust" het geëis dat artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet* in sy geheel ongrondwetlik verklaar moet word. Vanweë die aard van die kwessies voor die Hof, is die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers genader om argumente oor die kwessies aan die Hof te verskaf, maar geen sodanige argument is voor die Konstitusionele Hof ontvang nie.[127] Die Kommissie vir Geslagsgelykheid het ook as *amicus curiae* in die saak opgetree.

Al drie sake wat voor die Konstitusionele Hof gedien het, het min of meer oor dieselfde aspekte van gewoonteregtelike intestate erfregreëls in die saak gehandel en gevolglik was die hof van oordeel dat al drie sake gelyktydig in die saak afgehandel kon word.[128] Dit is duidelik dat twee aspekte vir die Konstitusionele Hof belangrik was.[129] In die eerste plek moes die hof uitspraak lewer oor die grondwetlikheid van artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet,* asook Regulasie 2 van GK R200 van 1987.[130] In die tweede plek moes die hof besluit of die manlike eersgeboorteregreël in die gewoontereg grondwetlik is of nie.[131]

Die Konstitusionele Hof het artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet* en GK R200 van 1987 in die geheel ongrondwetlik verklaar. Die uitspraak het ingrypende veranderinge in die gewoonteregtelike erfregreëls[132] en die posisie

---

127 Sien par [4] van die *Bhe*-beslissing.

128 Sien par [5] van die *Bhe*-beslissing.

129 Sien paras [6] en [7] van die *Bhe*-beslissing.

130 Sien par [3] van die *Bhe*-beslissing.

131 Aangesien die fokus van hierdie skripsie slegs op die beredderinq van die intestate boedels van Swart erflaters is, word die uitspraak van die Hof met betrekking tot die grondwetlikheid van die gewoonteregtelike erfregreëls en, meer spesifiek, die manlike eersgeboortereg nie volledig bespreek nie.

132 Veral met betrekking tot die manlike eersgeboortereg. Die Hof het by monde van Regter Langa by par [88], beslis: "The basis of the constitutional challenge to the official customary law of succession is that the rule of primogeniture precludes (a) widows from inheriting as the intestate heirs of their late husbands; (b) daughters from inheriting from their parents; (c) younger sons from inheriting from their parents, and (d) extra-marital children from inheriting from their fathers. It was contended that these exclusions constitute unfair discrimination on the basis of gender and birth and are part of a scheme underpinned by male domination." En verder ook by par [210]: "This rule might have been justified by the traditional social economic structure in which it developed. It has outlived its usefulness. In the present day and age the limitation on the right of women to succeed to the position and status of the family head cannot be said to be reasonable and justifiable under s 36(1) of the Constitution. It follows therefore that the rule of male primogeniture is inconsistent with s 9(3) of the Constitution to the extent that it excludes women from succeeding to the family head." Gevolglik is by par [136 (4)], beslis: "The rule of male primogeniture as

met betrekking tot die administrasie van die intestate boedels van Swart erflaters teweeggebring.[133] Die relevante wysigings word vervolgens aan die hand van die feite van die *Bhe* en *Shibi* sake bespreek.

## *4.2 Bhe v Magistrate, Khayelitsha (Commission for Gender Equality as Amicus Curiae); Shibi v Sithole; South African Human Rights Commission v President of the Republic of South Africa 2005 1 SA 580 (KH)* - die *Bhe*-beslissing

### 4.2.1 Feite van *Bhe v The Magistrate, Khayelitsha* 2004 2 SA 544 (K)

Die bevel van die Kaapse Hoë Hof in *Bhe v The Magistrate, Khayelitsha*[134] is oorgeplaas na die Konstitusionele Hof vir die bevestiging daarvan in terme van artikel 172(2)(a) van die *Grondwet*. Die Hoë Hof het artikel 23(10)[135] van die *Swart Administrasie Wet* en Regulasie 2(e)[136] van GK R200 van 1987 ongrondwetlik verklaar.[137] Die Konstitusionele Hof het nie die bevel van die hof *a quo* as sulks bevestig nie, maar wel verder uitgebrei deur artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet* en GK R200 van 1987 in die geheel ongrondwetlik te verklaar.

In hierdie saak het die oorledene op 9 Oktober 2002 intestaat gesterf. Hy en mev Bhe het vir twaalf jaar as man en vrou saamgewoon. Twee minderjarige dogters is uit hierdie verhouding gebore. Die Bhe-familie het die eiendom wat aan die oorledene behoort het, bewoon. Die boedel het bestaan uit die eiendom wat hy en mev Bhe gesamentlik oor die jare bymekaar gemaak het.

Volgens die gewoonteregtelike intestate erfregreëls, het die twee minderjarige kinders nie as erfgename gekwalifiseer nie. Ooreenkomstig die bepalings van artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet* en Regulasie 2 van GK R200 van 1987 is die oorledene se vader, mnr Mgolombane, deur die Landdros as die

---

it applies in customary law to the inheritance of property is declared to be inconsistent with the Constitution and invalid to the extent that it excludes or hinders women and extra-marital children from inheriting property." Vir 'n verdere bespreking hiervan, sien Maithufi en Moloi 2004 *THRHR* 507-515.

133 Sien par 4.2.4 hieronder.

134 Die uitspraak van die hof *a quo, Bhe v The Magistrate, Khayelitsha*, is verwys na die Konstitusionele Hof vir bevestiging.

135 Sien par 2.2(f) hierbo.

136 Sien par 2.3.1(e) hierbo.

137 Sien par 4.2.2 hieronder.

verteenwoordiger en enigste erfgenaam van die oorledene se intestate boedel aangestel.[138]

Mnr Mgolombane het aangedui dat hy die onroerende eiendom gaan verkoop om die opbrengs vir begrafniskostes van die oorledene aan te wend. Die optrede van mnr Mgolombane sou tot gevolg hê dat mev Bhe en haar twee dogters sonder heenkome is.

Mev Bhe het die grondwetlikheid van die beginsel van manlike eersgeboortereg, asook die onderskeid wat getref word by die beredderіng van die intestate boedels van Swart erflaters, in die Hoë Hof aangeveg.

Die Hoë Hof het bevind[139] dat artikel 23(10)(a), (c) en (e) van die *Swart Administrasie Wet* asook Regulasie 2(e) van GK R200 van 1987 ongrondwetlik is, aangesien dit op die twee minderjarige dogters se reg op gelykheid inbreuk gemaak het.[140] Die beginsel van manlike eersgeboortereg maak op grond van geslag, geslagtelikheid, ouderdom, oorsprong, geboorte, binne- en buite-egtelikheid en ras inbreuk en kom neer op onbillike diskriminasie.[141] Verder het die Hof beslis dat artikel 1(4)(b) van die *Wet op Intestate Erfopvolging* ongrondwetlik is in soverre as wat dit enige boedel of 'n deel van 'n boedel uitsluit van artikel 1 van die *Wet op Intestate Erfopvolging*. Die gevolg van hierdie beslissing was dat die twee minderjarige dogters van die oorledene die enigste erfgename van sy intestate boedel is. Die bevel van die hof *a quo* is na die Konstitusionele Hof vir bekragtiging ingevolge artikel 172(a) en (b) van die *Grondwet* verwys.[142]

### 4.2.2 Feite van *Shibi v Sithole* (saaknommer 7292/01 van 19 November 2003)

In hierdie saak het soortgelyke feite (as *Bhe v The Magistrate, Khayelitsha*) voor die Hoë Hof gedien. Mev Shibi het die Hof genader omdat sy as erfgenaam van haar oorlede broer se intestate boedel uitgesluit was. Die

---

138 Sien par [15] van die *Bhe*-beslissing.
139 Sien par [19] van die *Bhe*-beslissing.
140 A 9 van die *Grondwet*.
141 Sien par [6] van die *Bhe v The Master, Khayelitsha*.
142 Sien par 4.2.3 hieronder.

oorledene het op 30 Augustus 1995 intestaat gesterf. Die oorledene was ongetroud en het geen afhanklikes of voorouers nagelaat nie. Ingevolge Regulasie 2(e) van GK R200 moes sy boedel ooreenkomstig die gewoonteregtelike erfreg verdeel word.[143] Ingevolge die reëls van die manlike eersgeboortereg moes die oorledene se boedel tussen sy twee neefs verdeel word.

Mev Shibi het aansoek gedoen, *inter alia*, vir 'n bevel wat die beginsel van die manlike eersgeboortereg ongrondwetlik verklaar. Die regsvraag wat beantwoord moes word, was of mev Shibi as 'n intestate erfgenaam van haar broer se boedel kwalifiseer en of sy uitgesluit was as gevolg van die beginsel van die manlike eersgeboortereg.[144]

Die Hof het die bevel van die hof in *Bhe v The Magistrate, Khayelitsha*[145] bevestig en beveel dat artikel 23(10)(a), (c) en (e) van die *Swart Administrasie Wet* en Regulasie 2(e) van GK R200 van 1987 ongrondwetlik en ongeldig is. Die gevolg van hierdie bevinding was dat mev Shibi die enigste erfgenaam van haar broer, die oorledene, was.[146] Die bevel van die hof *a quo* is na die Konstitusionele Hof vir bekragtiging ingevolge artikel 172(a) en (b) van die *Grondwet* verwys.[147]

### 4.2.3 Uitspraak van die Konstitusionele Hof

Soos reeds aangedui is beide *Bhe v Magistrate, Khayelitsha* en *Shibi v Sithole* na die Konstitusionele Hof verwys vir die bekragtiging van hulle bevele en *South African Human Rights Commission v President of the Republic of South Africa* vir 'n verklaring van sekere regte.

Regter Langa het die uitspraak in die Konstitusionele Hof gelewer. Sy beslissing kom daarop neer dat artikel 23 *Swart Administrasie Wet* 'n rassistiese bepaling is wat op grond van ras, kleur en etniese oorsprong

---

143 Vir 'n bespreking van Regulasie 2(e), sien par 2.3.1(e) hierbo.
144 Sy sou wel 'n intestate erfgenaam ingevolge a 1(e) van die *Wet op Intestate Erfopvolging* gewees het.
145 Sien par 4.2.1 hierbo.
146 Sien paras [27] en [28] van die *Bhe*-beslissing.
147 Sien par 4.2.3 hieronder.

diskrimineer. Daarom is dit onbestaanbaar met artikels 9(3),[148] 10[149] en 28 [150] van die *Grondwet*.[151] Hierdie onbillike diskriminasie kan nie in terme van artikel 36[152] van die *Grondwet* geregverdig word nie.[153] Indien artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet* ongeldig verklaar word, sal die gemenereg op al die bestorwe boedels, ongeag die ras van die oorledene, van toepassing wees.[154]

Na oorweging van verskeie grondwetlike kwessies kom regter Langa tot die gevolgtrekking dat die beginsel van die manlike eersgeboortereg in stryd met waardes en regte wat in die *Grondwet* vervat is. Dit maak inbreuk op die regte van vroulike gades, dogters, jonger seuns en buite-egtelike kinders.[155] In terme van artikel 172(a) en (b) van die *Grondwet*, mag 'n Hof enige wet of handeling as ongeldig verklaar tot die mate wat dit onbestaanbaar met die beginsels en oogmerke van die *Grondwet* is. Die ongeldigverklaring is egter nie terugwerkend van aard nie.[156] Enige intestate boedels van Swart erflaters wat ingevolge die gewoontereg moes vererf en wat voor 15 Oktober 2004 gerapporteer was, moet deur die Landdros gefinaliseer word asof artikel 23

---

148 A 9(3) van die *Grondwet* bepaal: "Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte."

149 A 10 van die *Grondwet* bepaal: "Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word."

150 Die relevante gedeeltes van a 28(1) van die *Grondwet* lui soos volg: "Elke kind het die reg - (a) op 'n naam en nasionaliteit vanaf geboorte; (b) op gesinsorg of ouerlike sorg, of op gepaste alternatiewe sorg wanneer die kind uit die gesinsomgewing weggeneem word ...".

151 Sien paras [60]-[68] en paras [91]-[93] van die *Bhe*-beslissing. Regter Sachs het 'n paar keer na die rassistiese aard van a 23 van die *Swart Administrasie Wet* in paras [20]-[23] van die *Moseneke*-beslissing verwys; sien par 3.2.2 hierbo.

152 A 36(1) van die *Grondwet* bepaal: "Die regte in die Handves van Regte kan slegs kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van - (a) die aard van die reg; (b) die belangrikheid van die doel van die beperking; (c) die aard en omvang van die beperking; (d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en (e) 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik."
A 36(2) bepaal: "Behalwe soos in subartikel (1) of in enige ander bepaling van die Grondwet bepaal, mag geen regsvoorskrif enige reg wat in die Handves van Regte verskans is, beperk nie."

153 Sien paras [69]-[74] van die *Bhe*-beslissing.

154 Sien par [74] van die *Bhe*-beslissing.

155 Sien paras [88] en [95] van die *Bhe*-beslissing.

156 A 172(1)(b) kan die terugwerkendheid van 'n bevel beperk.

van die *Swart Administrasie Wet* en GK R200 nie ongrondwetlik verklaar is nie.[157] Sodanige boedels moet egter onderhewig aan paragraaf 4, 5 en 6 van die bevel afgehandel word.[158] Paragraaf 4 van die bevel van die *Bhe*-beslissing bepaal soos volg:

> The rule of male primogeniture as it applies in customary law to the inheritance of property is to be declared to be inconsistent with the *Constitution* and invalid to the extent that it excludes or hinders women and extra-marital children from inheriting property.

Met ander woorde, die beginsel van manlike eersgeboortereg kan nie toegepas word op boedels wat voor die Bhe-beslissing aangemeld is nie, al sou hierdie beginsel normaalweg van toepassing gewees het.[159]

Paragraaf 5 van die bevel bepaal soos volg:

> Section 1(4)(b) of the *Intestate Succession Act* 81 of 1987 is declared to be inconsistent with the *Constitution* and invalid.

Ingevolge artikel 1(4)(b) van die *Wet op Intestate Erfopvolging* kan die bepalings van die *Wet op Intestate Erfopvolging* nie toepassing vind indien artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet* ten opsigte van 'n boedel gegeld het nie.[160] Die ongeldigverklaring van hierdie artikel in die *Wet op Intestate Erfopvolging* het tot gevolg dat die res van die bepalings in dieselfde wet nou ten opsigte van alle intestate boedels, ongeag die ras van 'n erflater, geld.[161]

Paragraaf 6 van die bevel bepaal soos volg:

> Subject to para 7 of this order, s 1 of the *Intestate Succession Act* 81 of 1987 applies to the intestate deceased estate that would formerly have been governed by s 23 of the *Black Administration Act* 38 of 1927.

---

157 Die bevel by par [136 (8)] van die *Bhe*-beslissing lui soos volg: "In terms of s 172(b) of the *Constitution*, the orders in paras 2, 3, 4, 5 and 6 of this order, shall not invalidate the transfer of ownership prior to the date of this order of any property pursuant to the distribution of an estate in terms of s 23 of the *Black Administration Act* 38 of 1927 and its regulations, unless it is established that when such transfer was taken, the transferee was on notice that the property in question was subject to a legal challenge on the grounds upon which the applicants brought challenges in this case." Die bevel by par [136 (9)] lui verder: "In terms of s 172(1)(b) of the *Constitution*, it is declared that any estate that is currently being administered in terms of s 23 of the *Black Administration Act* 23 of 1927 and its regulations shall continue to be so administered, despite the provisions of paras 2 and 3 of this order, but subject to paras 4, 5 and 6 of this order, until it is finally wound up."

158 Sien par [136 (9)] van die *Bhe*-beslissing.

159 Sien par [136 (4)] van die *Bhe*-beslissing.

160 De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding* 32.

161 Par [136 (5)] van die *Bhe*-beslissing.

Artikel 1 van die *Wet op Intestate Erfopvolging* is gevolglik van toepassing op alle boedels wat voorheen ingevolge artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet* beheer is.[162]

Die Hof beklemtoon dat hierdie bevel slegs as 'n tussentydse maatreël gebruik moet word totdat geskikte wetgewing[163] gepromulgeer is wat die regsposisie uiteensit. Die bevel van die Konstitusionele Hof moet dus nie as die finale woord met betrekking tot die gewoonteregtelike erfreg gesien word nie.[164] Die Hof verklaar, onder andere:[165]

> The order in this case must not be understood to mean that the relevant provisions of the *Intestate Succession Act* are fixed rules that must be applied regardless of any agreement by all interested parties that the estate should devolve in a different way. The spontaneous development of customary law could continue to be hampered if this were to happen. The *Intestate Succession Act* does not preclude an estate devolving in accordance with an agreement reached among all interested parties but in a way that is consistent with its provisions. There is, for example, nothing to prevent an agreement being concluded between both surviving wives to the effect that one of them would inherit all the deceased's immovable property, provided that the children's interests are not affected by the agreement. Having regard to the vulnerable position in which some of the surviving family members may find themselves, care must be taken that such agreements are genuine and not the result of the exploitation of the weaker members of the family by the strong. In this regard, a special duty rest on the Master of the High Court, the magistrates and other officials responsible for the administration of estates to ensure that no-one is prejudiced in the discussions leading to the purported agreements.

Dit is duidelik dat dit hof `n herverdelingsooreenkoms tussen die belanghebbende partye in gedagte het.

### 4.2.4 Beredderring van boedels wat volgens die gewoontereg moet vererf

Hierbo[166] is reeds na sekere aspekte van die bevel van die Konstitusionele Hof verwys. Die hof het belangrike wysigings met betrekking tot die intestate

---

162 Par [136 (6)] van die *Bhe*-beslissing.

163 Daar kan na die voorstelle van die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie gekyk word. Hierdie voorstelle kan in nuwe wetgewing omskep word, of selfs bestaande wetgewing wysig of herroep, sien par 4.3 hieronder. Daar is ook 'n nuwe Wetsontwerp, die "*Repeal of the Black Administration Act and Amendment of Certain Laws Bill*, 2005" wat in die pyplyn is. Indien hierdie Wetsontwerp as wetgewing aanvaar word, sal dit vele aspekte van die gewoontereg beïnvloed; sien par 4.4 hieronder.

164 Par [116] van die *Bhe*-beslissing.

165 Par [130] van die *Bhe*-beslissing.

166 Sien 4.2.3 hierbo.

boedels wat ingevolge die gewoontereg moet vererf, teweeggebring. Volgens Regter Langa is artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet* en GK R200 van 1987 ongrondwetlik en ongeldig.[167]

Die effek van hierdie bevel is dat die Meester nou volle jurisdiksie oor die administrasie en bereddering van alle bestorwe boedels het. Dit sluit die testate en intestate boedels van alle erflaters, ongeag hulle ras of kleur, in. 'n Landdros het geen jurisdiksie met betrekking tot die administrasie en bereddering van enige bestorwe boedels nie. Landdroste moet egter alle intestate boedels van Swart erflaters wat ingevolge artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet* beredder moes word en wat tot en met 15 Oktober 2004 by hulle aangemeld is, finaliseer sonder inagneming van die bevel van die Konstitusionele Hof.[168]

Die wetgewing waarop artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet* van toepassing is, moes ook herroep of gewysig word ten einde dit in ooreenstemming met die bepalings van die *Grondwet* te bring. Artikel 1(4)(b) van die *Wet op Intestate Erfopvolging*[169] is gevolglik ongrondwetlik verklaar in soverre as wat dit enige boedel of enige deel van 'n boedel, uitgesluit het van die toepassing van artikel 1 van die *Wet op Intestate Erfopvolging*. Verder skryf artikel 1 van die *Wet op Intestate Erfopvolging*[170] die faktore voor wat by die verdeling van 'n boedel in ag geneem moet word. Die Konstitusionele Hof het beslis dat

---

167 Sien par [136] van die *Bhe*-beslissing.

168 A 172(1)(b) kan die terugwerkendheid van 'n bevel beperk. Dit bepaal dat die hof enige bevel kan gee wat regverdig en billik is, met inbegrip van: (i) 'n bevel wat die terugwerkendheid van die ongeldigverklaring beperk; en (ii) 'n bevel wat die ongeldigverklaring vir enige tydperk en op enige voorwaardes opskort ten einde die bevoegde gesag toe te laat om die gebrek reg te stel.

169 A 1(4)(b) van die *Wet op Intestate Erfopvolging* het bepaal dat 'n "intestate boedel" enige deel van enige boedel ingesluit het wat nie by wyse van 'n testament vererf het nie of tot die mate wat a 23 van die *Swart Administrasie Wet* nie van toepassing was nie.

170 Die skripsie handel uitsluitlik met die bereddering van intestate boedels en a 1 gaan nie volledig bespreek word nie. Dit is nogtans belangrik om kennis daarvan te neem.

artikel 1(1)(c)(i)[171] en artikel 1(4)(f)[172] van die *Wet op Intestate Erfopvolging* ook op die oorledene wat deur meer as een gade[173] oorleef word, van toepassing is.[174]

Net soos Regter Sachs in die *Moseneke*-beslissing,[175] het Regter Langa gelas dat enige belanghebbende persoon die Hof kon nader indien enige administratiewe of praktiese probleme met betrekking tot sy uitspraak ervaar word. Hierdie uitspraak en bevel moet egter net as 'n tydelike maatreël gesien word totdat behoorlike wetgewing in plek gestel word[176] wat die administrasie en bereddering van bestorwe boedels volledig reël.[177]

### *4.3 Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie (SARHK)*

Die SARHK het al vele projekte met betrekking tot die ontwikkeling van die gewoontereg in die verlede geloods.[178] Die hoofdoel van die nuutste verslag is veral om 'n eenvormige stelsel van administrasie van bestorwe boedels vir alle Suid-Afrikaners te ontwerp en dit in lyn met die oogmerke van die *Grondwet* te ontwikkel.[179] Maatreëls wat die administrasiestelsel kan verbeter

---

171 A 1(1)(c)(i) van die *Wet op Intestate Erfopvolging* bepaal: "Indien iemand (hieronder "oorledene" genoem) na die inwerkingtreding van hierdie Wet òf geheel òf gedeeltelik intestaat sterf en oorleef word deur 'n eggenoot sowel as 'n afstammeling, erf daardie eggenoot 'n kindsdeel van die intestate boedel of soveel van die intestate boedel as wat die bedrag wat die Minister van Justisie van tyd tot tyd by kennisgewing in die Staatskoerant bepaal in waarde nie te bowe gaan nie, watter ook al die grootste is."

172 A 1(4)(f) van die *Wet op Intestate Erfopvolging* bepaal: "Indien iemand (hieronder "oorledene" genoem) na die inwerkingtreding van hierdie Wet óf geheel óf gedeeltelik intestaat sterf en nie oorleef word deur 'n eggenoot, afstammeling, ouer of 'n afstammeling van 'n ouer nie, erf die ander bloedverwant of bloedverwante van die oorledene wat aan hom die naaste in graad verwant is die intestate boedel in gelyke dele."

173 A 1(1)(c)(i) en a 1(4)(f) van die *Wet op Intestate Erfopvolging* verwys slegs na "'n eggenoot." Alhoewel poligame huwelike alreeds erkenning in Suid-Afrika geniet (sien die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998), beslis Regter Langa dat die genoemde artikels ook van toepassing is waar die oorledene meer as een gade nalaat.

174 Sien par [136 (7)] van die *Bhe*-beslissing.

175 Sien paras 3.2.2 en 3.2.3 hierbo.

176 Sien paras [113] en [160] van die *Bhe*-beslissing.

177 Die SARHK Besprekingsdokument 110 van Projek 134, 2005. Hierin later "SARHK Besprekingsdokument 110, 2005" genoem; sien par 4.3 hieronder.

178 Sien, onder andere, SARHK Besprekingsdokument 93 van Projek 90, 2000 en SARHK Besprekingsdokument 95 van Projek 90, 2000.

179 Die *Grondwet* erken die ontwikkeling van die gewoontereg; sien a 39 en a 211 van die *Grondwet*.

en die werklading van die toesighoudende beamptes en eksekuteurs kan verminder, word in hierdie verslag oorweeg.[180]

Die SARHK het die bepalings van die *Bhe*-beslissing in ag geneem en het in ooreenstemming met die hof se bevel, voorstelle gemaak. Alle boedels moet ooreenkomstig die gemenereg, onder toesig van die Meester, geadministreer en beredder word, maar sekere boedels kan ook by dienspunte gerapporteer word.[181]

Die SARHK het na aanleiding van die *Bhe*-beslissing die volgende voorgestel:

(a) Die administrasiestelsel van bestorwe boedels moet op die basis van die meerderheidsbevel van die *Bhe*-beslissing voortgaan.[182]

(b) Die Meester moet voortgaan om toesig te hou oor die bereddering van alle bestorwe boedels.[183]

(c) Die begunstigdes moet 'n keuse hê om die boedels van erflaters by die Meester of by dienspunte met bevoegde jurisdiksie te rapporteer.[184]

Die *Bhe*-beslissing was 'n tydelike maatreël[185] en hervorming van die gewoonteregtelike erfregreëls is noodsaaklik. Soos hierbo gesien, moet die bepalings van die *Bhe*-beslissing nagevolg word. Die volgende moet in ag geneem word:

(a) Die rol wat die gewoontereg by die administrasie van boedels speel.

(b) Ooreenkomste deur begunstigdes om die gewoontereg toe te pas moet in aanmerking geneem word.

(c) Die rol van tradisionele leiers of instellings gedurende die rapportering van boedels moet in ag geneem word.

---

180 SARHK Besprekingsdokument 110, 2005 2.
181 SARHK Besprekingsdokument 110, 2005 5.
182 SARHK Besprekingsdokument 110, 2005 5.
183 SARHK Besprekingsdokument 110, 2005 5.
184 SARHK Besprekingsdokument 110, 2005 5.
185 Par [130] van die *Bhe*-beslissing.

(d) Die aanstelling van 'n gewoontereg-administrateur in plaas van 'n eksekuteur behoort in sommige gevalle oorweeg te word.

(e) Die toepassing van die gewoontereg by die tref van reëlings in verband met die betaling van begrafniskostes van die oorledene.

Die SARHK het ook die bepalings van die *Boedelwet* bespreek en voorgestel dat sekere wysigings ten opsigte daarvan moet plaasvind. Van die wysigings is, onder andere, dat die definisies van "dienspunte" en "aangestelde beampte" by die woordomskrywing in artikel 1 bygevoeg moet word en dat die res van die wetgewingstuk verder daarna moet verwys.[186]

'n Belangrike voorstel deur die SARHK, is die wysigings wat ten opsigte van artikel 4(1) van die *Boedelwet* gemaak moet word. Ingevolge hierdie artikel, word daar nog 'n duidelike onderskeid getref ten opsigte van die boedels van Swart erflaters wat ingevolge die gewoontereg en díe wat ingevolge die gemenereg moet vererf.[187] Die bevel van die *Bhe*-beslissing het hierdie onderskeid uit die weg geruim deur aan die Meester die bevoegdheid ten opsigte van die bereddering van alle bestorwe boedels te gee. Die voorgestelde wysiging maak geen onderskeid tussen verskillende erflaters nie en verwys bloot na 'n oorlede persoon, wat alle oorledenes insluit.[188] Verder stel die SARHK ook voor dat artikel 4(1), wat die jurisdiksie van die Meester hanteer, gewysig moet word deur te verwys na "afdeling" van die Hoë Hof en nie meer na "provinsiale afdeling" nie.[189]

Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling speel 'n belangrike rol by die ontwikkeling van die gewoontereg. Na die *Moseneke*-beslissing het Justisie Kollege 'n dokument gepubliseer wat as 'n handleiding dien vir die opleiding van aangestelde beamptes wat bekend staan as die *"Policy and Procedural Manual: Administration of Intestate Deceased Estates*

186 Die SARHK het ook voorgestel dat daar vir geslagsgelykheid voorsiening gemaak moet word deur na beide die manlike en vroulike geslag in die wetgewing te verwys.

187 Sien par 3.3.4 (vn 97 en 98) vir die bepalings van a 4(1) en 4(1A) van die *Boedelwet*.

188 Die SARHK se voorgestelde a 4(1)(a) van die *Boedelwet* bepaal: "In respect of the estate of a deceased person, or of any portion thereof, jurisdiction shall lie ...".

189 Die SARHK se voorgestelde a 4(1)(a)(i) bepaal: "... within the area of jurisdiction of a division of the Supreme Court, with the Master appointed in respect of that area; and ...".

*at Service Points."* Hierdie handleiding het ten doel om 'n eenvormige stelsel van toesighouding by die administrasie van bestorwe boedels, wat dieselfde kwaliteit diens aan alle Suid-Afrikaners moet lewer, te implementeer.

Die handleiding skryf onder andere die volgende voor:

(a) Alle Landdroskantore is dienspunte waar gedelegeerde bevoegdhede uitgeoefen moet word en pligte deur aangestelde beamptes namens en onderhewig aan die leiding van die Meester gedoen moet word.[190]

(b) Bestorwe boedels moet by die Meester gerapporteer word in die volgende gevalle:

- Waar die oorledene 'n geldige testament nagelaat het;
- Waar die bruto waarde van die boedel bo R50 000,00 is;[191]
- Waar een of meer van die begunstigdes minderjarig is en nie deur 'n ouer of wettige voog bygestaan word nie;
- Waar een van die bates in die boedel kontant (met 'n waarde van meer as R20 000,00) is;
- Waar die boedel insolvent is of indien daar 'n moontlikheid bestaan dat die boedel insolvent kan raak;[192]
- Waar verteenwoordigers van intestate boedels ingevolge artikel 18(3) van die *Boedelwet* aangestel moet word;[193] en
- Wanneer daar 'n dispuut oor 'n onderhoudseis is.[194]

---

190 Meyer *et al Justice College: Policy Manual* 7

191 Ingevolge a 18(3) van die *Boedelwet* kan die Meester van die aanstelling van 'n eksekuteur afsien indien die waarde van 'n boedel minder as R125 000,00 is. Die jurisdiksie van die dienspunte by Landdroskantore is egter beperk tot R50 000,00. Die meeste boedels wat aangemeld word, sal waarskynlik sonder die aanstelling van 'n eksekuteur ingevolge a 18(3) van die *Boedelwet* afgehandel word.

192 Meyer *et al Justice College: Policy Manual* 11.

193 Meyer *et al Justice College: Policy Manual* 8.

194 Dit is belangrik om op te merk dat slegs die vrou wat wettiglik met die oorledene getroud was en enige van die oorledene se kinders – ongeag of hulle wettiglik, buite-egtelik of aangeneem is – mag eis vir onderhoud; sien Meyer *et al Justice College: Policy Manual* 48.

Op hierdie stadium is dit waarskynlik nog te vroeg om te bepaal of die Landdroskantore (as dienspunte) en die Meesterskantore die ekstra eise wat die nuwe administrasie- en beredderingsreëls van hulle vereis, sonder probleme kan hanteer.

## 4.4 *"Repeal of the Black Administration Act and Amendment of Certain Laws Bill" 2005*

Die Regering het eenparig die Wetsontwerp, *"Repeal of the Black Administration Act and Amendment of Certain Laws Bill,* 2005" aanvaar.[195] Hierdie Wetsontwerp vloei voort uit 'n ondersoek en verslag deur die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie. Die doel van die ondersoek is, onder andere, om die *Swart Administrasie Wet* en sekere gedeeltes van die *Boedelwet* te wysig.

Die *Swart Administrasie Wet* is 'n oorblyfsel van Suid-Afrika se rassistiese verlede. Die Wetsontwerp poog om die bepalings van die genoemde wetgewing in lyn met die oogmerke van die *Grondwet* te bring.[196] Dit is egter onmoontlik om alle diskriminerende bepalings en regulasies met een slag te skrap sonder dat daar enige vervangende wetgewing in die plek daarvan gestel is.

Die Wetsontwerp poog om alle diskriminerende bepalings van wetgewing wat die gewoontereg beheer, te wysig, herroep of te skrap. In ooreenstemming met die *Bhe*-beslissing, word artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet* geskrap. Artikel 1(6) van die Wetsontwerp bepaal soos volg:

> ... Section 23(1), (2), (3), (5), (6), (7)*(b)*,(8), (9), (10)*(a)*, *(b)*,*(c)*, *(e)* and *(f)* and (11) of the Act [*Black Administration Act*] are hereby repealed -
>
> *(a)* on 31 December 2005; or
>
> *(b)* on such date as national legislation to further regulate the Customary Law of Succession is implemented, whichever occurs first.[197]

---

195 Tot op datum van afhandeling van hierdie skripsie is die Wetsontwerp nie omskep in wetgewing nie.

196 Die aanhef van die *"Repeal of the Black Administration Act and Amendment of Certain Laws Bill,* 2005."

197 Op hierdie stadium is die teks van die Wetsontwerp slegs in Engels gepubliseer.

Die herroeping van a 23 van die *Swart Administrasie Wet* sal tot gevolg hê dat die administrasie van intestate boedels van Swart erflaters, ingevolge die *Boedelwet* en die *Wet op Erfopvolging*, in lyn met die bevel van die *Bhe*-beslissing hanteer sal word.[198]

### *4.5 Gevolgtrekking*

Vanaf Desember 2000, het die administrasieproses van boedels in die algemeen, en díe van boedels wat deur die gewoontereg beheers word, aansienlik verander. Die eerste wysiging het begin met die *Moseneke*-beslissing wat die toesig van die Meester met betrekking tot sekere boedels van Swart erflaters uitgebrei het. Die uitbreiding het egter nie ten opsigte van boedels wat ingevolge die gewoontereg beredder moes word, gegeld nie.

Die *Bhe*-beslissing het uiteindelik alle onderskeid tussen die bereddering van bestorwe boedels uitgewis. Die Meester het nou jurisdiksie ten opsigte van alle boedels ongeag die ras of kleur van die erflater. Ten einde die toestroom van boedels na die Meester te beperk, is dienspunte ingestel waar boedels tot 'n waarde van R50 000,00 aangemeld kan word.

Tot tyd en wyl wetgewing ingestel kan word wat die bereddering van boedels voorskryf, is die *Bhe*-beslissing die enigste riglyn wat aangewend kan word.

Die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie is tans besig met 'n ondersoek na die bereddering van bestorwe boedels. Alhoewel dit te vroeg is om enige konkrete afleidings te maak, wil dit voorkom asof die Kommissie 'n eenvormige bereddderingstelsel ondersteun. Dieselfde afleiding kan gemaak word uit die aanbevelings (soos vervat in die handleiding van Justisie Kollege)[199] van die Departement van Justisie en Staatkundige ontwikkeling.

---

198 Die tweede deel van die Wetsontwerp wysig a 4(2) van die *Boedelwet* deur jurisdiksie aan die Meester met betrekking tot die eiendom van weeskinders en minderjariges te verskaf, insluitende dié wat deur die beginsels van die gewoontereg beheers word. (Sien a 2(2) van die Wetsontwerp).

199 Meyer *et al Justice College: Policy Manual* 1-56.

## HOOFSTUK 5

## SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

Vroeër het 'n persoon se ras of kleur aangedui welke reëls by die bereddering van sy bestorwe boedel van toepassing sou wees.[200] Voor 6 Desember 2005 was intestate boedels van Swart erflaters onder toesig van die Landdros geadministreer terwyl alle ander boedels onder toesig van die Meester geadministreer moes word.[201] Die bevoegdheid van die Meester met betrekking tot die bereddering van intestate boedels van Swart erflaters was uitdruklik in terme van artikel 23(7)(a) van die *Swart Administrasie Wet* uitgesluit.

Die grondwetlikheid van die gebruik van verskillende bereddderingsmetodes vir intestate boedels van Swart erflaters en alle ander boedels is op 6 Desember 2000 in die *Moseneke*-beslissing aangespreek. Die Konstitusionele Hof het beslis dat beide artikel 23(7)(a) van die *Swart Administrasie Wet* en Regulasie 3(1) van GK R200 van 1987 met artikels 9(3) en 10 van die *Grondwet* in stryd is.

Die nietigverklaring van Regulasie 3(1) is weens praktiese probleme uitgestel vir 'n tydperk van twee jaar. Binne hierdie twee jaar venster-tydperk kon die families van oorlede Swart erflaters, wat ingevolge die gemenereg gelewe het, kies of hulle die bestorwe boedel by die Meester of 'n Landdros wou rapporteer.[202]

Die *Moseneke*-beslissing en daaropvolgende wetgewing het nie die posisie met betrekking tot boedels van Swart erflaters, wat ingevolge die gewoontereg moes oorgaan, gewysig nie. Hierdie boedels moes nog steeds onder die toesig van 'n Landdros geadminstreer word.[203]

---

200 Sien Hoofstuk 2 hierbo.

201 Sien Hoofstuk 2 en 3 hierbo.

202 Daar moet in gedagte gehou word dat dit slegs die familie van 'n Swart erflater, wat ingevolge die gemenereg geleef het en dus afgesien het van die gewoonteregtelike gebruike of reëls, was wat die keuse gehad het om te kon kies waar hulle die boedel wou rapporteer. Sien par 3.3(a) hierbo.

203 Sien par 3.3(b) hierbo.

Die bevel van die *Moseneke*-beslissing is kort voor die verstryking van die twee jaar periode in wetgewing omskep.[204] Die bepalings die *Boedelwysigingswet* en GK R1501 van 2002 het onderskeidelik artikel 23(7)(a) en Regulasie 3(1) geskrap. Die invoeging van artikel 2A by die *Boedelwet*, het tot gevolg gehad dat dienspunte by Landdroskantore opgerig is en ook dat beamptes aangestel is om sodoende die bereddeingsproses van alle bestorwe boedels te vergemaklik. Die beamptes moes gedelegeerde bevoegdhede van die Meester uitvoer om sodoende die werklading van die Meester te verlig.

Die wysiging van artikel 4(1) van die *Boedelwet* en die invoeging van artikel 4(1A) van dieselfde wet het die bevoegdhede van die Meester ten opsigte van die boedels van Swart erflaters wat ooreenkomstig die gewoontereg verdeel moes word, uitgesluit.

Vir 'n verdere periode van twee jaar het die regsposisie soos hierbo geskets, gegeld. Die grootste doelwit met hierdie veranderings was dat alle boedels, behalwe die intestate boedels van Swart erflaters wat ingevolge die gewoontereg moes vererf, onder die toesig van die Meester geadministreer moes word.[205]

Op 15 Oktober 2004 het die Konstitusionele Hof in *Bhe*-beslissing die regsposisie nog verder gewysig.[206] Die Hof het bevind dat daar geen onderskeid by die beredderingvan boedels in die Suid-Afrikaanse reg moet wees nie en het beveel dat alle boedels onder die toesig van die Meester geadministreer moes word, insluitende intestate boedels van Swart erflaters wat ingevolge die gewoontereg moes vererf.[207]

Die *Bhe*-beslissing het uiteindelik alle onderskeid tussen die beredderingvan bestorwe boedels uitgewis. Die Meester het nou jurisdiksie ten opsigte van alle boedels ongeag die ras of kleur van die erflater. Ten einde die toestroom van boedels na die Meester te beperk, is dienspunte ingestel waar boedels tot

---

204 Sien par 3.4 hierbo.
205 Sien par 3.3.4 hierbo.
206 Sien Hoofstuk 4 hierbo.
207 Sien paras 4.2.2 en 4.2.3 hierbo.

'n waarde van R50 000,00 aangemeld kan word. Tot tyd en wyl wetgewing ingestel kan word wat die beredderіng van boedels voorskryf, is die *Bhe*-beslissing die enigste riglyn wat aangewend kan word.

Die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie is tans besig met 'n ondersoek na die beredderіng van bestorwe boedels wat 'n eenvormige beredderingstelsel voorstel.[208] Dieselfde doelwit kan uit die aanbevelings (soos vervat in die handleiding van Justisie Kollege) van die Departement van Justisie en Staatkundige ontwikkeling afgelei word.

Dit is duidelik te sien uit die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie se laaste verslag[209] dat daar voorsiening gemaak word vir verskillende moontlike probleme wat die huidige posisie kan meebring. Daar is egter nog 'n paar probleemareas wat verdere aandag nodig het.

Byvoorbeeld, in navolging van die *Bhe*-beslissing het die Meester volle jurisdiksie ten opsigte van die beredderіng van testate en intestate boedels van alle erflaters. Dit is egter waarskynlik dat verskillende tradisionele gemeenskappe nog onbewus is van die uitspraak en die invloed wat dit op hulle lewens kan hê. Dit is ook moontlik dat persone van hierdie gemeenskappe nie in testamente glo of die gebruik daarvan verstaan nie. Hulle kan moontlik verkies om familie vergaderings te gebruik vir die verdeling van 'n erflater se eiendom onder sy familielede. Die nuwe beredderingsprosesse van die Meester mag vir hulle vreemd en onaanvaarbaar wees. Die Meester is nie noodwendig in dieselfde gebied as hulle geleë nie en toegang tot die Meester kan daardeur bemoeilik word. Dit is ook moontlik dat die Meester self nie veel verstaan van die spesifieke gemeenskap se tradisies en alle dag-tot-dag bedrywighede nie. Dit is gevolglik belangrik dat ook die Meester moeite doen met die bestudering van die behoeftes en gewoontes van tradisionele gemeenskappe. Die gebruik van familievergaderings kan van waardevolle hulp in die afhandeling van boedels wees. Die Meester kry dan die geleentheid om homself te vergewis van die knelpunte en kan terselfdertyd die proses aan die familie verduidelik. Veral in die gevalle waar daar geen

208 Sien par 4.3 hierbo.
209 Sien par 4.3 hierbo.

boedelberedderaar met die nodige kennis van boedels aangestel is nie, behoort hierdie 'n uitstekende manier te wees om die boedel af te handel.

Dit is belangrik dat die nuwe beredderingsproses aan die betrokke persone in tradisionele gemeenskappe "verkoop" word. Die proses moet stap-vir-stap aan die familiehoofde en hoofleiers verduidelik word. Dit moet korrek geïnterpreteer word asook korrek aan die res van die gemeenskap oorgedra word. In gemeenskappe wat bewus is van die stelsel, maar misverstande daar rondom het of wantroue daarin het, moet alle wanpersepsies daarvan uitgewis word.

Die dienspunte wat boedels onder R50 000,00 hanteer, het 'n aangestelde beampte wat gedelegeerde funksies van die Meester uitoefen. Die beampte is nie meer noodwendig, soos dit vroeër die praktyk was, 'n Landdros nie. Dit kan nou enige beampte wees wat deur die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling gekies word. Die moontlikheid kan bestaan dat die beampte aangestel, vanweë 'n tekort aan personeel, geen regskennis het nie. Dit is gevolglik belangrik dat daar gewaak word teen foute as gevolg van 'n gebrek aan die nodige kennis, wat nie noodwendig voor die deur van die betrokke beampte gelê kan word nie.

In gemeenskappe waar die vroue steeds ongelyk aan mans geag word, sal manlike familiehoofde of hoofleiers die veranderde tradisie van die nietigverklaarde manlike eersgeboortereg baie moeilik aanvaar en dus die Konstitusionele Hof se beslissings net so moeilik aanvaar. Dit is selfs moontlik dat almal nie eens bewus is van die beslissing van die Konstitusionele Hof of die gevolge daarvan nie. Dit is belangrik dat die beslissing en die gevolge daarvan onder die aandag van alle gemeenskappe gebring word. Indien erflaters nog steeds die manlike eersgeboorteregreël wil toepas, moet hulle aangeraai word om 'n testament te laat opstel waarin hulle wel kan bewerkstellig dat die manlike eersgeborene die persoon is wat alles van die testateur sal erf.[210]

---

210 Die beginsel van testeervryheid.

Daar is baie strukture en doeltreffende voorstelle deur die *Moseneke*- en *Bhe*-beslissings, Justisie Kollege, wysigende wetgewing, wetsontwerpe en die beleidsdokumente van die SARHK vir die beredderingsproses van intestate boedels van Swart erflaters beskikbaar. Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling het ook ingegryp deur veral opleiding aan die Meesters en aangestelde beamptes te bied. Die hofbeslissings en stappe wat deur die betrokke departemente ingevoer is, moet as 'n goeie basis waarop gebou kan word, gesien word.

Dit is belangrik dat boedelberedderaars en boedelbeplanners hulle deeglik moet vertroud maak met die wysigings wat op die gebied van intestate boedels van Swart erflaters, die afgelope vyf jaar ingetree het.

## BIBLIOGRAFIE

### *Literatuur*


**B**

Bekker *et al Inleiding*

Bekker JC, Labuschagne JMT en Vorster LP *Inleiding tot Regspluralisme in Suid-Afrika: Deel I - Gewoontereg* 1e uitg (Butterworths Durban 2002)

**D**

De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding*

De Waal MJ en Schoeman-Malan MC *Inleiding tot die Erfreg* 3e uitg (Juta Lansdowne 2003)

Du Plessis 1992 *De Jure*

Du Plessis "Afrika en Rome: Regsgeskiedenis by die kruispad" 1992 *De Jure* 298-307

**M**

Maithufi 1998 *THRHR*

Maithufi IP "The Constitutionality of the Rule of Primogeniture in Customary Law of Intestate Succession"1998 *THRHR* 142-147

Maithufi 1998 *De Jure*

Maithufi IP "The effect of the 1996 Constitution on the customary law of succession and marriage in South Africa" 1998 *De Jure* 285-293

Maithufi 2000 *De Jure*

Maithufi IP "Indigenous Law: Constitutionality of regulations for the administration and distribution of estates of deceased Blacks" 2000 *De Jure* 155-161

Maithufi en Moloi 2004 *THRHR*

Maithufi IP en Moloi GMB "Customary Law of Succession: *Bhe v Magistrate, Khayelitsha*" 2004 *THRHR* 507-515

Meyer en Rudolph *Justice College: Interim Policy Manual*

Meyer MM en Rudolph MBE *Interim Policy and Procedure Manual - Administration of Intestate Deceased Estates at Service Points* (Justisie Kollege Pretoria 2002)

Meyer *et al Justice College: Policy Manual*

Meyer MM, Rudolph MBE en Cronjé MB *Policy and Procedure Manual - Administration of Intestate Deceased Estates at Service Points* (Opgedateer Justisie Kollege Pretoria 2004)

**O**

Olivier *et al Privaatreg*

Olivier NJJ, Olivier NJJ en Olivier WH *Die Privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoesprekendes* 3e uitg (Butterworths Durban 1989)

**P**

Prinsloo 1998 *TSAR*

Prinsloo MW "Die Inheemse Opvolginsreg getoets aan die Grondwet" 1998 *TSAR* 570-575

**R**

Rautenbach 2004 *THRHR*

Rautenbach C "The Administration of Black estates: Life before and after 5 December 2002" 2004 *THRHR* 216-228

Rautenbach en Du Plessis 2003 *De Jure*

Rautenbach C en Du Plessis W "South African Law Commission's Proposals for Customary Law of Succession: Retrogression or Progression?" 2003 *De Jure* 20-31

Robinson *et al Inleiding*

Robinson JA, Human S en Boshoff A *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 1e uitg (Printing Things Potchefstroom 2002)

**S**

SARHK Besprekingsdokument 93 van Projek 90, 2000

Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie Besprekingsdokument 93 van Projek 90: *Customary Law of Succession* (Pretoria April 2000)

SARHK Besprekingsdokument 95 van Projek 90, 2000

Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie Besprekingsdokument 95 van Projek 90: *Customary Law: Administration of Estates* (Pretoria Desember 2000)

SARHK Besprekingsdokument 110, 2005

Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie Besprekingsdokument 110 van Projek 134: *Administration of Estates* (Pretoria Oktober 2005)

**V**

Van Heerden 1998 *THRHR*

Van Heerden F "Die Intestate Erfopvolgingsreg van 'n Swart vrou in 'n gebruiklike huwelik" 1998 *THRHR* 522-532

***Vonnisregister***

**B**

*Bhe v The Magistrate, Khayelitsha* 2004 2 SA 544 (K)

*Bhe and Others v Magistrate, Khayelitsha,and Others (Commission for Gender Equality as Amicus Curiae); Shibi v Sithole and Others; South African Human Rights Commission and Another v President of the Republic of South Africa and Another* 2005 1 SA 580 (KH)

**E**

*Ex parte Western Cape Provincial Government: In re DVB Behuising (Pty) Ltd v North West Provincial Government* 2001 1 SA 500 (KH)

**M**

*Moseneke and Others v The Master and Another* 2001 2 SA 18 (KH)

*Mthembu v Letsela and Another* 1997 2 SA 936 (T)

*Mthembu v Letsela and Another* 1998 2 SA 675 (T)

*Mthembu v Letsela and Another* 2000 3 SA 867 (HHA)

**Z**

*Zondi v President of the Republic of South Africa* 2000 2 SA 49 (N)

***Wetgewing***

*Administrasie Wysigingswet* 9 van 1929

*Boedelwet* 24 van 1913

*Boedelwet* 66 van 1965

*Boedelwysigingswet* 47 van 2002

*Derde Wysigingswet op Swart Wetgewing* 49 van 1970

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996

*KwaZulu-Wet op die Wetboek van Zoeloereg* 16 van 1985

*Regulasies vir die Bereddering en Verdeling van Boedels van Oorlede Swartes,* Goewermentskennisgewing R200 gepubliseer in Staatskoerant 10601 van 6 Februarie 1987

*Repeal of the Black Administration Act and Amendment of Certain Laws Bill* gepubliseer in Staatskoerant 27845 van 28 Julie 2005

*Swart Administrasie Wet* 38 van 1927

*Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings* 108 van 1991

*Wet op die Afskaffing van Spesiale Howe vir Swartes* 34 van 1986

*Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998

*Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984

*Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987

*Wysigingswet op Huweliks- en Huweliksgoederereg* 3 van 1988

*Wysiging van die Regulasies vir die Bereddering en Verdeling van Boedels,* Goewermentskennisgewing R1501 gepubliseer in Staatskoerant 24120 van 3 Desember 2002